

# **Prosaperspektiewe op politieke geweld:**

## **John Miles en Abraham Phillips**

**Catherine Madiate Kgomo**

B.A. (Ed.), Hons. B.A.

Verhandeling voorgelê vir die graad **Magister Artium** in **Afrikaans en Nederlands**  
aan die **Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

Studieleier: Prof. dr. J. van der Elst

Hulpstudieleier: Prof. dr. H.J.G. du Plooy

**Potchefstroom**

1998

*"it is often said that truth is stranger than fiction"*

## **DANKBETUIGINGS**

Eerstens en bowenal, dank ek die Almagtige wat die verwesenliking van die studie moontlik gemaak het.

Ek waardeer die ondersteuning van die volgende persone wat met die studie gemoeid was en bedank hulle van harte:

- ◆ Eerstens prof. J. van der Elst vir sy vriendelike hulp, leiding en opbouende kritiek.
- ◆ Prof. Heilna du Plooy, wat gewillig was om as hulpleier op te tree nadat prof. D.H. Steenberg afgetree het. Ook aan laasgenoemde dankie vir sy advies.
- ◆ 'n Liefdevolle woord van dank aan my oorlede ouers en al die familielede en vriende wat my bygestaan het.
- ◆ Me. Corrie Postma, vir die rekenaarverwerking en vriendelike belangstelling. Eweneens dank aan me. Engela Wilson verbonde aan die departement Inligting, Tegnologie en Bestuur aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO vir haar ondersteuning.
- ◆ Me. Santerien Kotzé vir die noukeurige taalversorging.
- ◆ Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir finansiële ondersteuning wat die voltooiing van die studie moontlik gemaak het.

**Catherine Madiate Kgomo**

1998

# INHOUDSOPGAWE

BLADSY

## DANKBETUIGINGS

|                |    |
|----------------|----|
| ABSTRACT ..... | iv |
|----------------|----|

## HOOFSTUK 1

|                                               |   |
|-----------------------------------------------|---|
| Drie verhale oor geweld .....                 | 1 |
| 1.1 Inleidend .....                           | 1 |
| 1.2 'n Probleemstelling / probleemvraag ..... | 5 |
| 1.3 Ooreenstemming tussen die tekste .....    | 5 |
| 1.4 Die begrip <i>kode</i> .....              | 8 |
| 1.5 Samevattend .....                         | 9 |

## HOOFSTUK 2

|                                                         |    |
|---------------------------------------------------------|----|
| GEWELD IN <i>KRONIEK UIT DIE DOOFPOT</i> .....          | 10 |
| 2.1 Inleidend .....                                     | 10 |
| 2.2 Fokalisasie en fokaliseerders .....                 | 10 |
| 2.3 Geweld in die dialoog .....                         | 14 |
| 2.3.1 Weglating van gewelddadige beskrywings .....      | 15 |
| 2.4 Karaktername wat aan geweld gekoppel kan word ..... | 16 |
| 2.5 Die kleipot en geweldsimbole .....                  | 16 |
| 2.6 Die woord geregtigheid .....                        | 18 |
| 2.7 Fisieke geweld en Tumelo John se doofheid .....     | 22 |
| 2.8 Geweldkode in <i>Kroniek uit die doofpot</i> .....  | 23 |
| 2.8.1 Die vuis en geweld .....                          | 23 |
| 2.8.2 Die kleur <i>rooi</i> as geweldkode .....         | 25 |
| 2.9 Die vuur as geweldkode .....                        | 29 |
| 2.9.1 Geweldswapens .....                               | 31 |
| 2.10 Interpersoonlike geweld .....                      | 32 |
| 2.11 Taalgeweld .....                                   | 33 |

|                                                                     |    |
|---------------------------------------------------------------------|----|
| 2.12 Raspejoratiewe .....                                           | 34 |
| 2.13 Die pers as opstoker van geweld.....                           | 37 |
| 2.13.1 <i>Sowetan, Transvaler, Beeld, Televisie en Briewe</i> ..... | 37 |
| 2.14 Organisasies en die naam Mandela .....                         | 40 |
| 2.15 Die gewelddadige ruimte .....                                  | 43 |
| 2.15.1 Geweld in die verwyderde ruimtes.....                        | 47 |
| 2.16 Rassediskriminasie as aanstigter van geweld .....              | 47 |
| 2.17 Samevatting .....                                              | 50 |

### HOOFSTUK 3

|                                                              |    |
|--------------------------------------------------------------|----|
| <b>GEWELD IN DIE VERDWAALDE LAND</b> .....                   | 52 |
| 3.1 Inleidend .....                                          | 52 |
| 3.2 Fokalisasie en fokaliseerders .....                      | 52 |
| 3.3 Uitbeelding van geweld.....                              | 53 |
| 3.3.1 Die woord apartheid, sinoniem met geweld .....         | 53 |
| 3.3.2 Polisie en die verbintenis met geweld.....             | 55 |
| 3.3.3 Geregtigheid, onreg en geweld.....                     | 57 |
| 3.3.4 Raspejoratiewe .....                                   | 58 |
| 3.3.5 Mamma se droom en geweld .....                         | 59 |
| 3.3.6 Geweld deur sterk drank, dobbelpoele en daggarook..... | 60 |
| 3.3.7 Gewelddadige ruimte .....                              | 61 |
| 3.4 Samevatting .....                                        | 63 |

### HOOFSTUK 4

|                                                   |    |
|---------------------------------------------------|----|
| <b>GEWELD IN ERFENIS VAN DIE NOODLOT</b> .....    | 65 |
| 4.1 Inleidend .....                               | 65 |
| 4.2 Fokalisasie en fokaliseerders .....           | 65 |
| 4.3 Uitbeelding van geweld.....                   | 66 |
| 4.3.1 Rassisme/apartheid en geweld.....           | 67 |
| 4.3.2 Die polisie en verbintenis met geweld ..... | 68 |
| 4.3.3 Noodlot en geweld .....                     | 70 |
| 4.3.4 Raspejoratief as geweldkode.....            | 71 |

|                                                                         |    |
|-------------------------------------------------------------------------|----|
| 4.3.5 Die brief en geweld.....                                          | 73 |
| 4.3.6 Vuur as vernuwer.....                                             | 74 |
| 4.3.7 Geweld deur sterk drank, dobbelpoele, kantiene en daggarook ..... | 75 |
| 4.3.8 Taal en geweld .....                                              | 79 |
| 4.3.9 Die gewelddadige ruimte .....                                     | 80 |
| 4.4 Samevatting.....                                                    | 82 |

## **HOOFSTUK 5**

|                                                               |           |
|---------------------------------------------------------------|-----------|
| <b>ALGEMEEN EN VERGELYKEND.....</b>                           | <b>84</b> |
| 5.1 Inleidend: Algemeen vergelykend.....                      | 84        |
| 5.2 Politieke geweld.....                                     | 84        |
| 5.3 Drankmisbruik en geweld.....                              | 85        |
| 5.4 Taalgeweld .....                                          | 85        |
| 5.5 Hoofpersone en tragedie .....                             | 85        |
| 5.6 Apartheid en geweld .....                                 | 85        |
| 5.7 Politieke tematiek rondom geweld .....                    | 86        |
| 5.8 Die ANC en geweld.....                                    | 86        |
| 5.9 Suid-Afrikaanse polisie en geweld.....                    | 87        |
| 5.10 Titels hou verband met die Suid-Afrikaanse regering..... | 87        |
| 5.11 Negatiewe houding teenoor swart/bruinmense.....          | 88        |
| 5.12 Ongeregtigheid teen reg en geregtigheid .....            | 89        |

|                       |           |
|-----------------------|-----------|
| <b>ADDENDUM .....</b> | <b>92</b> |
|-----------------------|-----------|

|                           |            |
|---------------------------|------------|
| <b>BIBLIOGRAFIE .....</b> | <b>110</b> |
|---------------------------|------------|

## **ABSTRACT**

The decade of the eighties was a period of unprecedented resistance to apartheid as well as unprecedented violence in South Africa. Political violence and the struggle by blacks/coloureds caused many deaths during the years of the apartheid rule. This work revises critical assumptions about the role that the South African regime played to stir up violence in the country. The South African Police were in the forefront in carrying out instructions given to them by their senior officials. The 1976 school riots is one example, where black/coloured children were shot and killed in large numbers.

John Miles and Abraham Philips's novels are filled with violent incidents that contribute to a portrait of blacks and coloureds as miserable creatures, whose aspirations are destructive delusions. Despite the shared theme, the ultimate effect of the violence in the novels to the reader is not uniform.

My introductory chapter provides background information on the roots of the violence in the three texts that are intertwined. The brutality of the South African police on blacks/coloureds is emphasized by both authors. Miles is a white man from the privileged people. He writes about a black policeman who was assaulted by his white colleagues. Phillips is a coloured and he writes about the mysterious death of his brother, allegedly murdered by the police. White on black/coloured violence and black on black violence, as well as coloured on coloured violence was provoked by the government of the day. Apartheid forced blacks and coloureds to resist the regime, causing conflict, aggression, anger, hatred, resistance, resentment and intimidation amongst people of different races.

Chapter II, III and IV discuss the codes of violence in the three texts explicitly. The concepts apartheid, police, racism, fire, misuse of alcohol are some of the aspects discussed in the chapters aforesaid. These concepts are synonymous in the three texts, the codes are intertextual.

Chapter V discusses the historical background of the black/coloured people under the oppression of the South African government. A comparison of the texts

investigates the motivation of the violence to determine whether it is realistic, in comparison with the South African history during the years of apartheid. People of different races could not live, pray, play, go to school together and get married to each other. In each of the novels there are victim(s) whose cases are differently treated according to race. The white victim's case is treated differently from the black and coloured victims. The two coloured men who killed the white man were imprisoned and later hanged in Pretoria Central Prison (*Erfenis van die noodlot*). The black victim in *Kroniek uit die doofpot* is murdered. His death as well as his wife's death is a mystery. The perpetrators are never found. In *Die verdwaalde land* the victim is a coloured whose murderers are not found, although there is evidence. These victims were discriminated against because of the colour of their skin. Lastly there is a summary of the three texts in a rubrical form, categorising forms of violence.

All texts address themes of politically motivated violence in South Africa. What is most significant are the different techniques each author uses in depicting the brutality of the prevailing regime's authoritarianism and dictatorship. These authors were ignored and denied the opportunity of writing about such controversial issues, during the apartheid era, and only in the 90's were they able to publish their works without police harassment. According to Miles this novel, *Kroniek uit die doofpot*, is based on realities. He hopes to have the victims' death resolved one day. P'hillips unlike Miles, pleads to all South Africans to be one nation. He believes that Mandela's imprisonment for twenty eight years is evidence that he was set free to relieve all those who were oppressed by the chains of subservience. Both authors' visions and hopes are a dream come true in the New South Africa. Some changes are being effected. Phillips in *Die verdwaalde land* concludes by saying that nations of different cultures, traditions, norms and colour need to respect each other, so that the blacks/coloureds can see that their struggle was not in vain. South Africans can do away with violence.

# HOOFSTUK 1

## DRIE VERHALE OOR GEWELD

### 1.1 Inleidend

In die Afrikaanse prosaskat is daar, soos verwag kan word, temas van 'n neerslag van die geweld wat veral sedert 1976 kort-kort in Suid-Afrika opgevlam het. Die bekende Suid-Afrikaanse skrywer van Engelse romans, Mongane Serote, roep in sy werk *To every birth its blood* (1981), 'n beeld op van die geweld in Alexandra (die *township* naby Johannesburg), en van hoe die apartheidsstelsel die swartmense onderdruk en verander het. Hy skryf so:

*...The boers are fighting us, as simple as that. We have to pitch up a battle, fight back, that is all* (p. 246).

Hierdie studie fokus op (politieke) geweld, met verwysing na sekere romans van John Miles en Abraham Phillips, waarin die antagonistiese en dikwels gewelddadige verhouding tussen wit en swart/bruinmense, 'n gevolg van die apartheidsstelsel, uitgebeeld word. Die fokuspunt is Miles se *Kroniek uit die doofpot* (1991), 'n roman wat onder die titel *Deafening Silence* in 1997 in Engels verskyn het en wat as 'n televisiereeks verwerk en vanjaar (1998) uitgesaai is.

Abraham Phillips, 'n bruinman wat, toe hy sy eerste boek geskryf het, net standaard vier geslaag het, beskryf die tragiese verhaal van die verdwyning van sy broer, Selula Mejavie. Hy gee sy boek die titel, *Die verdwaalde land* (1992). Later skryf hy *Erfenis van die noodlot* (1993) en *Die Messiasbende* (1997).

In die genoemde werke word fisieke geweld, wat polities gemotiveerd is, uitgebeeld. Dit sluit in: *aggressie, konflik, woede, intimidasie en verraad* wat veroorsaak is deur die bestaande orde. Bogenoemde werke kan daarom bestempel word as tekste waarin veral politieke geweld 'n groot rol speel. In die gegewe tekste veroorsaak polisie-optrede geweld. Polisiemanne is, soos blyk uit die tekste, net so gewelddadig soos die *misdadigers*. Tumelo John beskryf dit so aan Tsepo, sy vriend:

*'n Poliesman het nie papiere nodig as hy mense middernag aankeer nie. Die regering gebruik die polisie om hulle teenstanders uit die pad te kry (p. 228-229).*

Geweld kom dikwels in die tekste na vore as dié metode vir die bereiking van 'n doel. Die sogenaamde *good guys* gebruik net soveel geweld as die sogenaamde *bad guys*. In *Kroniek uit die doofpot* byvoorbeeld word Van Niekerk deur sy seniors as 'n *good guy* beskou, alhoewel hy vir Tumelo John molesteer. Tumelo John is die *bad guy* in die oë van die polisiemag. Hy aanvaar naamlik nie die bevele van sy seniors nie.

Hoe kry geweld gestalte in *Die verdwaalde land* en *Kroniek uit die doofpot*? Abraham Phillips het die situasie van geweld oorleef. Hy vertel sy storie met menslikheid en ontroering. George Weideman sê in die Voorwoord van *Erfenis van die noodlot* (menings oor *Die verdwaalde land*: deur dieselfde skrywer):

*Beste FW/Nelson - ek wil julle van Abraham Phillips se Verdwaalde land vertel. Ek weet nie of julle resensies lees nie, dié is 'n brief wat skuil gaan as resensie - maar ek hoop iemand stuur jul 'n kopie van Die verdwaalde land.*

Miles, anders as Phillips wat self 'n gewelddadige situasie beleef en oorleef het, is waarnemer, gemoeid met die pyn en lyding wat deur geweld veroorsaak word. Hy besluit om die stilte te verbreek deur die lyding van baie mense binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap te openbaar. Kannemeyer (1986:379) sê die volgende van Miles se werk:

*.... Dit word tematies gekenmerk deur die aksent op verskillende vorme van misdaad, koelbloedige geweld en groteske, nagmerrieagtige ervarings, terwyl dit tegnies verskil van sy tydgenote deur die gedetailleerde verslag van 'n onbetrokke waarnemer met plek-plek 'n ironiese kyk op sake.*

In *Kroniek uit die doofpot* lees die “skrywer”<sup>1</sup> in die oggendkoerant:

*Daar is nie ’n meer eerbare of ’n beroep met soveel avontuur vir ’n jong man met inisiatief nie as die Polisie ... (p. 139).*

Volgens Botes (1992:08:17) is *Kroniek uit die doofpot*:

*op die werklikheid gegrond en die moord was na alle waarskynlikheid die werk van ’n moordbende.*

Vergelykenderwys is daar in Miles en Phillips se werke ooreenkomste: beide *Kroniek uit die doofpot* en *Die verdwaalde land* handel oor die brutaliteit van die Suid-Afrikaanse polisie-sisteem. Die eerste teks fokus op Tumelo John, wat later die slagoffer van wrede polisie-optrede word. In die tweede teks is Selula Mejavia die slagoffer. In *Erfenis van die noodlot* is die slagoffer ’n witman, naamlik oubaas Jamie.

Dis interessant om daarop te let dat dit in die tekste gaan om karakters wat ’n magteloosheid ervaar teenoor ’n oormag wat gesetel is in politieke en/of sosiale sisteme. ’n Mens vind parallels in Amerikaanse tekste van ’n sekere tydsgewrig. Charles Trainor (1997:17-30) herken byvoorbeeld gelyke situasies in Athol Fugard se *Master Harold ... and the boys* van 1984 en die Amerikaanse outeur Lorraine Hansberry se *A Raisin in the Sun* van 1959.

Miles en Fugard skryf oor ’n Suid-Afrikaanse situasie en Hansberry skryf ’n Amerikaanse toneel.

Die betrokke karakters in die tekste koester almal ideale. Tumelo John koester hoë verwagtings van sy pos in die polisie, maar nes Sam (Athol Fugard) en Walter Lee (Hansberry) word hy ontnugter:

---

<sup>1</sup> Op die rol van die “skrywer”/verteller/fokaliseerder word in hoofstuk 2 ingegaan.

*Despite his intelligence and abilities, Sam is held down by apartheid. ... In fact, the system has left [him] them with so few resources that they cannot even afford a sixpence for the jukebox (1997:17).*

*In similar fashion, Walter Lee is held down in white America. If Sam has had to share a small, dingy room, the Youngers have been forced to live in a "rat trap", a cramped and overtaxed apartment that "had to accommodate the living of too many people for too many years." So poor is the family that the Youngers cannot afford the 50 cents that his teacher wants Travis to bring to class (op. cit., p. 17).*

*In short Walter Lee's dream expresses not merely his faith in his country and its ways. Consequently when American rhetoric is undercut by American racism, when its fabled door of opportunity proves to be locked, the reality undermines not simply his dream but his system of beliefs. It is appropriate that his hopes are literally destroyed by a man he had trusted, Willy Harris, who betrays that trust, for in a larger sense his hopes have been destroyed by a country he had believed in, the United States, that betrays that belief (op. cit., p. 23).*

Dit is merkwaardig dat die situasies in die twee verskillende wêreldes verwant is. Apartheid is 'n woord wat in Amerika, net soos in Suid-Afrika, ter sprake is. In *Master Harold* word die volgende oor apartheid gesê:

*Apartheid in **Master Harold** ultimately emasculates the black servant less than it does the white boss, with Fugard showing that racism may do fully as much spiritual damage to its practitioners as to its victims. It is not the target of racism who forfeits his manhood but its enforcer (op. cit., p. 26).*

Om terug te kom tot die tekste onder bespreking die volgende:

Abraham Phillips is self deel van die onderdruktes. Alles wat hy vertel, het hy beleef. Miles, 'n betrokke waarnemer, is 'n witman wat net soos Phillips ('n

bruinman), die sisteem verafsku. Nie een van die swart of bruin slagoffers wat binne die tekste figureer, se dood of verdwyning word opgelos nie. Dit geld vir Selula Mejavie en Tumelo John (die swart/bruinmans). Die moord op oubaas Jamie (*Erfenis van die noodlot*), 'n witman, word wel opgelos, soos later aangedui sal word.

## 1.2 'n Probleemstelling / probleemvraag

Die probleemstelling van hierdie studie wentel om die vraag hoe politieke geweld gestalte aanneem in die drie gegewe Afrikaanse prosatekste? Die uiteindelijke doelstelling van die studie is om 'n verskeidenheid tematiese en andersoortige ooreenkomste en verskille tussen die drie tekste in die slothoofstuk aan te dui.

## 1.3 Ooreenstemming tussen die tekste

Daar is op die oog af genoeg ooreenkomste om die tekste vergelykend te beskou en tot 'n slotsom te kom. Die aard, omvang en rol van geweld in *Kroniek uit die doofpot*, *Erfenis van die noodlot* en *Die verdwaalde land*, is sodanig dat dit tot 'n interessante vergelykende ondersoek lei soos hierna in die intertekstuele ooreenkomste geïllustreer word.

1.3.1 Al drie verhale speel af binne die politieke sisteem van apartheid.

1.3.2 In al drie verhale is daar slagoffers: In *Die verdwaalde land* is dit Selula Mejavie en in *Kroniek uit die doofpot* is dit Tumelo John wat onder die brutaliteit van die Suid-Afrikaanse polisiemanne ly. In *Erfenis van die noodlot* is dit oubaas Jamie.

1.3.3 In *Die verdwaalde land* is daar fisieke en emosionele geweld, soos Ronnie (die verteller) sê:

... terwyl die arm bruinmense geestelik, fisiek en materieel gebreek is  
(p. 29).

Hy verwys na emosionele reaksie.

In *Kroniek uit die doofpot* sê Tumelo John:

“Brigadier, ek vra net geregtigheid” (p. 171).

Hy is moedeloos, hulpeloos en emosioneel. Hy weet alles wat hy wil verduidelik, val op dowe ore.

- 1.3.4 In al drie verhale word verwys na alkoholmisbruik deur die swart/bruinmense, byvoorbeeld in *Die verdwaalde land* sê Phillips:

*... maar om dronk te wees en te vergeet, was soos manna uit die hemel (p. 32).*

In *Kroniek uit die doofpot* sê Sithole:

*Daardie dronk ou nou die aand, hy het gouer oor sy babalaas gekom as oor hoe rof ons hom behandel het (p. 32).*

- 1.3.5 Weglating van sekere besonderhede kom in al drie tekste voor. Wie het vir Tumelo John vermoor? Is dit Kriek, Mabe en Nkosi? Deur wie is Selula Mejavie vermoor? Is dit die polisie wat hom voor sy huis opgelaai het?

- 1.3.6 Al drie verhale is op die werklikheid gebaseer. In *Kroniek uit die doofpot* sê die skrywer:

*Ek gaan oral inmeng dat my brousel so deurmekaar sal lyk soos die werklikheid self (p. 54). (my kursivering).*

Verder sê die skrywer:

*Ek skryf oor 'n armsalige mens wat versmoor word in weerwil dalk van die majestueuse afrol van geskiedenis (p. 243).*

Die skrywer, 'n witman, sê hy vind dit nie moeilik om oor Tumelo John, die swartman, te skryf nie:

*Eintlik skryf ek Afrikaans vir die Afrikaanse leser ... Die leser moet alles van my kry, alles behalwe geweerskote (p. 245).*

In die brief, opgeneem in *Die verdwaalde land*, wat Abraham Phillips aan Brink skryf, sê hy:

*Die karakter Ronnie wat in die verhaal voorkom en die skrywer van hierdie brief en verhaal is een en dieselfde persoon. Dit is 'n ware verhaal en geen fiksie (sic) nie.*

Phillips verwys na die werklikheid van die teks op die agterblad van die boekomslag (p. 74):

*Die verdwaalde land is die ware verhaal van Selula Mejavie. Hy was 'n gewone mens: iemand wat nie geskiedenis 'maak' nie, maar dit 'ondergaan'. (my kursivering).*

1.3.7 'n Ongunstige milieu vir swart/bruinmense, die tronk, kom in al drie verhale voor.

Die redes vir die gevangenessing is dikwels om dié mense te verneder en hulle monde te snoer. In *Kroniek uit die doofpot* vind ons dat Tumelo John 'n gevangene bly. In *Die verdwaalde land* word Selula Mejavie telkens in die tronk gegooi as hy dronk is. Laastens is Karel en Omers in *Erfenis van die noodlot* in die gevangenis ter dood veroordeel.

1.3.8 Die swart/bruin gemeenskap se mense het mekaar ondermyn, dit is nie net die betrokke witmense in die verhale wat teen hulle was nie. In *Die verdwaalde land* sê die skrywer:

*Bruin mense het mekaar ondermyn om die baas se guns te wen en waar daar 'n bruin voorman was, was hy erger as die baas self (p. 29).*

Nkosi sê vir Tumelo John:

*"Jy moet dink aan jou familie. Teken die bleddie vorm dat ons die ding kan verby kry" (p. 199).*

Nkosi is Tumelo John se kollega en is 'n swartman, net soos Tumelo John. Hy probeer Van Niekerk, 'n witman wat Tumelo John aangerand het, met sy optrede beïndruk.

1.3.9 Die skrywers Miles en Phillips fokus op stedelike situasies; trouens die wit skrywer, John Miles, skryf oor politieke geweld in die stad. *Kroniek uit die doofpot* word op ironiese wyse bestempel as *polisieroman*. Phillips, die bruin skrywer, anders as Miles, skryf oor armoedige bruinmense in sowel *Die verdwaalde land* as in *Erfenis van die noodlot*. In al drie die tekste is die gemene deler ten opsigte van die karakters 'n dominerende groep witmense wat “mag” het oor hulle minderes. In *Kroniek uit die doofpot* sê sersant Makgate vir Tumelo John:

*En jy moet onthou: Jy bly maar 'n swartman* (p. 117).

1.3.10 In werklikheid bevat al drie tekste komponente van 'n tragedie waarin die hoofkarakters nie kan ontkom aan die kloue van 'n onverbiddelike stelsel nie. Tumelo John word deur Christél Rossouw (1996:187) beskryf as, “'n tipiese tragiese karakter”, “'n goeie en doodgewone mens wat oor 'n hubris beskik wat tot sy ondergang lei”.

#### 1.4 Die begrip **kode**

In die studie word die literêr-teoretiese begrip *kode* gebruik om sekere herhalende verskynsels in al drie die tekste te beskryf. Geweld is die belangrikste kode wat aanwesig is en word verbind aan 'n verskeidenheid subkodes wat verband hou met kleur, woorde (vloek- en skelwoorde) en ander begrippe wat met verloop van die bespreking aan die orde gestel sal word. Cloete (1992:22) sê:

*As daar gesê word dat die leser sy literêre **kode** tydens die resepsie vorm, kom dit eenvoudig gestel op die volgende neer: op grond van vorige leeservaring (en van onderrig) het die leser reeds 'n bepaalde literêre **kode** ontwikkel, weet hy iets van literatuur se manier van doen. Veral in die moderne tyd sal hy egter dikwels werke teenkom wat daarop uit is om leserskodes te deurbreek sodat daar by die aanvang van die lees van so 'n werk 'n ongelykheid tussen sender en tekskode enersyds en leserkode andersyds bestaan.*

## 1.5 Samevattend

In al drie tekste word dus die onmenslikheid en ongeregtheid van verskillende stelsels teenoor die “mindere” of magtelose aan die kaak gestel. In *Erfenis van die noodlot*, *Die verdwaalde land* (Phillips), *Kroniek uit die doofpot* (Miles) en *To every birth its blood* (Serote) word na talle voorvalle verwys waarin wit teenoor swart/bruin, swart/bruin teenoor wit, wit teenoor wit en swart teenoor swart diskrimineer. In die reeds hierbo vermelde werk *Literature and ethnic discrimination* (red. M.J. Meyer, 1997) word ’n verskeidenheid nie-Suid-Afrikaanse tekste bespreek waarin dieselfde verskynsels as die tekste onder bespreking voorkom. Waar in die Suid-Afrikaanse tekste byvoorbeeld in *Kroniek uit die doofpot* die woord *kaffer* prominent voorkom, word in die tekste onder bespreking in *Literature and ethnic discrimination* die ekwivalente woord *nigger* gebruik. In Suid-Afrikaanse konteks word dié soort woorde “raspejoratiewe” genoem. Die aspek word later vollediger toegelig wanneer verskillende kodes behandel word (2.11, 3.24, 4.24).

Obododima Oha (1997:145-146) maak na aanleiding van Chukwuemeka Ike, ’n swart outeur se werk *Toads for supper*, ’n opmerking in verband met diskriminasie, naamlik dat swartmense net so onder mekaar diskrimineer soos witmense teen swartmense diskrimineer:

*Just as European colonialists derogate and discriminate against Nigerians in the university, so do Nigerian ethnocentrists relate with their fellow Nigerians from other ethnic groups. So, although racism and ethnicity may be conceptually different, they have similar negative effects on society.*

## HOOFSTUK 2

### GEWELD IN *KRONIEK UIT DIE DOOFPOT*<sup>2</sup>

#### 2.1 Inleidend

Die hoofstuk word toegespits op *Kroniek uit die doofpot*. Eerstens word die besondere onderskeidende fokalisasie in die roman ondersoek.

Vervolgens word die geweldsaspek of kode bespreek soos dit in 'n verskeidenheid vorme voorkom, veral dan in die dialoog waarin geweldswoorde sterk figureer. So kry name en begrippe (soos geregtigheid wat onmiddellik onreg en geweld oproep), maar ook konkrete voorbeelde van geweld aandag – dit geld die uitbeelding van fisieke geweld. Geweld is, so word aangetoon, fisies en psigies van aard. Geweld word verder uitgebeeld deur middel van die gesproke woord, wat 'n mens as taalgeweld kan beskou.

Visuele aanduidings, byvoorbeeld van die kleur rooi, skep 'n assosiasie met geweld. Selfs name roep geweld op – soms dui die weglating van 'n geweldsverwysing juis daarop dat geweld wel figureer.

#### 2.2 Fokalisasie en fokaliseerders

Fokalisasie in 'n teks hou verband met die instansie wat waarneem. Dit hoef nie noodwendig die instansie te wees wat in die teks vertel nie. In die geval van *Kroniek uit die doofpot* gaan dit om 'n ek-verteller wat homself die skrywer (p. 16) noem, maar wat eintlik ook 'n karakter in die roman is. Hy sê die volgende:

*As ek 'n boek hiervan moet maak, dan is ek en hy saam daarin: die polisieman en die skrywer, die swarte en die witte, elk afgekamp in sy eie houegebied, maar saam tussen die kake van 'n opvreetmasjien waar*

---

<sup>2</sup> Alle onderstrepings wat in die sitate aangebring is, is my eie en het tot doel om sekere stellings te beklemtoon.

*net die blindes uitsig het en vryheid van beweging. Sy geskiedenis is my storie, sy verhaal: my beheptheid.*

Die skrywer is geïnspireer deur wat hy noem 'n "beheptheid" om te vertel. Hy gaan Tumelo John met dié beheptheid tot lewe wek uit die dokumente in die "geel Checkers-sakkie" (p. 17) en hom uitbeeld vanaf sy geboorte, deur sy lewe van onderworpenheid aan talle variasies van geweld, tot met sy dood. Roodt (1994:235) brei soos volg uit op die aard van hierdie ingesteldheid van die skrywer teenoor die polisieberoep:

*"In 'n sekere sin is die skrywer egter ook 'n polisieman wat in die naam van menseregte vir kol. Van Niekerk in hegtenis neem, want die booswigte wat hier betrokke is, is sekere lede van die polisie self".*

Volgens Roodt is Tumelo John inderdaad die polisieman wat handel ter wille van reg en geregtigheid, en in baie opsigte is hy dié polisieman van hierdie polisieroman.

Dit bepaal weer eens die fokalisasie in die teks wat vanuit die skrywer (as eksterne fokaliseerder) verwoord word in Tumelo John (as interne fokaliseerder) se soeke na geregtigheid. Hy sê voortdurend dat hy na geregtigheid soek:

*Brigadier, ek vra net geregtigheid (reeds aangehaal).*

*Kan niemand hier sien dat dit geen geregtigheid is nie? (p. 172)*

Die soeke na geregtigheid beteken dat daar in die skrywer se blik op die werklikheid - en dit is ook bepalend vir die fokalisasie - 'n bewustheid is van die geweld wat teenoor die geregtigheid staan.

In die fokalisasieproses moet 'n mens vasstel of die persoon van die skrywer, John Miles, miskien ook 'n rol speel. Die reële daterings van gebeure dui op die verbandhoudende werklikheid gebonde aan vaste datums in die hedendaagse Suid-Afrika met sy politieke prosesse waarvan John Miles as lewende skrywer deel is.

Miles skep in *Kroniek uit die doofpot* 'n atmosfeer van werklikheid vir die leser. Hy is 'n "betrokke skrywer" deur die algemene aanduiding van sy bewustheid van die politieke en sosiale doeleindes van skryf. Miles toon aan die leser dat literatuur geskep word deur 'n skrywer, wat binne 'n spesifieke tyd en omgewing vasgevang is. Miles se betrokkenheid by Tumelo John se lyding, al is hy net 'n waarnemer, kom duidelik na vore. Dit manifesteer ook in die roman se kroniekkarakter waarvolgens 'n hede in die verskillende tydgrepe na vore kom. 'n Betrokke skrywer, soos Miles, manipuleer en beïnvloed die leser gedurende die leesaksie. Daarom gebruik hy onder andere kragwoorde in 'n poging om gedurende die leesproses invloed op die leser uit te oefen. Dit is om die onregverdigheid van die sisteem asook die wreedheid van sy seniors teenoor Tumelo John te beklemtoon.

In *Kroniek uit die doofpot* dui Miles aan die begin van elke hoofstuk die tydperk en plek aan van sekere gebeure wat plaasgevind het. Hy beweeg van vroeëre tot later tydperke, dit wil sê vanaf Senekal in 1952, deur die kinderjare van Tumelo John tot by Johannesburg in 1988; sy huwelikslawe met Busisiwe, sy seun Tshidiso en sy swaer Hlongwane. Verder is daar sy beroepslewe waar hy 'n vrywillige slagoffer van die noodlot is, aangerand deur Van Niekerk, sy senior. Tumelo John beleef die kroniese pyn van doofheid en lyding tot met sy dood. Die verteller beweeg tussen die verlede en die hede.

*Jy wil my hangpaal toe dryf. Maar ek is nie bang nie* (p. 153). (my kursivering).

Die *skrywer* wat 'n interne fokaliseerder is, sê die volgende oor Van Niekerk:

*Hy't 'n seun, sê jy. Kom ons hoop apartheid is nie meer daar wanneer hy eendag groot is nie* (p. 176).

De Lange (1989:76), meen dat die instansie(s) in die gebeure:

*konkreet is as vertellende karakters in die eerste of derde persoon; of vervul ten volle 'n skeppersfunksie. As skeppers en karakters kan hulle in verskillende perspektiewiese kategorieë dié verhaalwêreld tot stand bring, byvoorbeeld deur opsomming, beskrywing, dialoog en implisering.*

Die gemelde perspektiewe sal in hierdie hoofstuk bespreek word, in die besonder hoe hulle verband hou met die tersaaklike verhale van Abraham Phillips en dié van John Miles.

Op wie is *Kroniek uit die doofpot* gefokus? Wie sien en wie vertel? In *Kroniek uit die doofpot* vind ons eintlik primêr twee vertellers, naamlik Tumelo John en die verskuilde alwetende verteller as 'n primêre fokaliseerder. Volgens Brink (1987:138), self skrywer van geweldromans, is fokalisering sedert vroeër tye dat

*kommentators kennis gemaak het van bepalende invloed van 'n gesigspunt of 'n houding of instelling van waaruit daar in 'n verhaal vertel word. Maar dit was (opnuut) eers Genette wat daarop gewys het dat dié terme eintlik toegepas word op twee heeltemal verskillende funksies. (my kursivering)*

Brink wys daarop dat elke situasie gelyktydig vanuit minstens twee bewussynse bekyk word. Dit noem hy dubbele fokalisasie. Kort voor Tumelo John se dood kon hy stemme hoor al is hy doof:

*Afrikaans, Zulu, 'n sug in Sotho (wat? wie?) (p. 347).*

Op dieselfde bladsy herhaal Tumelo John die woorde wat hy voorheen gesê het:

*Hy val teen die blinde kop op die vloer, hoor stemme in die mat:  
Afrikaans, Zulu, Sotho .... (p. 347).*

In Miles se roman kan Tumelo John as die vernaamste, interne fokalisator uitgehef word. Spanning word gegenereer deurdat die leser deur relativisering meer weet as die interne fokalisator, naamlik Tumelo John. Volgens Rossouw (1996:133) word fokalisasie en fokalisering in die roman gekenmerk deur kontinuïteit:

*In Kroniek uit die doofpot word egter van eerste- en derdepersoonsvertelling gebruik gemaak. Die perspektief is grotendeels van die skrywer wat Moleko se geskiedenis weergee.*

Die fokaliseringsproses in *Kroniek uit die doofpot* is soos uit voorgaande blyk kompleks. John Miles gebruik met betrekking tot fokalisasie verskillende tegnieke in sy skryfkuns. Dit wat hierna volg, kan ook in die teks waargeneem word en word volledig toegelig met voorbeelde uit die roman.

Miskien kan 'n mens sê dat 'n skrywer, soos in hierdie geval, 'n regisseur is wat orden. Volgens hom het die verhaal geen begin nie. Die skrywer bied die gebeure in 'n chronologiese orde aan; eintlik doen hy self die speurwerk.

*Hy het die warboel verklarings, briewe, 'n oneindige aantal vorms - wat 'n armsalige beeld van 'n lewe! - in 'n lyn van oorsaak en gevolg probeer plaas (p. 16).*

Die leser moet al die stukkies van die roman bymekaar sit terwyl hy lees; al die gebeure wat plaasvind, is a-chronologies. Die slot van die roman is op p. 16, hoewel die boek 358 bladsye het.

*Daar is soveel gapings in die hele geskiedenis, meer gapings as geskiedenis, byvoorbeeld hierdie verslag van 'n departementele ondersoek, dit begin op bladsy 11, waar is die eerste tien? Lyk my selfs die dokumente is onvolledig (p. 51-52).*

### **2.3 Geweld in die dialoog**

Die dialoog is die vernaamste “draer” van die uitbeelding van geweld. Wanneer Huma die volgende opmerking maak, kan 'n mens aflei dat die “een gesig” van die polisie wat 'n mens liever nie moet sien nie, die genereerder van geweld, onreg en onderdrukking is:

**Huma:** *Daar's een gesig van die Polisiemag wat jy liever nie moet sien nie. As jy dit eers gesien het, is dit verby met jou, dan's dit te laat (p. 331).*

Veral die laaste frase van die opmerking “... dan's dit te laat” bevat 'n soort noodlotsbeskouing. Wanneer jy die lelike gesig van die polisie gesien het, is dit verby met jou. Dit is inderdaad die geval met Tumelo John.

Rossouw se siening in verband met die dialoog in *Kroniek uit die doofpot* is:

*Die dialoog is kort en saaklik en nie betogend aangewend nie. Ook die skryfstyl is kort en bondig, selfs wat beskrywings van die omgewing en die historiese gebeure betref (p. 133).*

#### **Byvoorbeeld:**

Brigadier Botha:

*Dis nie die moeite werd nie, hulle sal jou uitskop (p. 117).*

Tumelo John:

*Nooit, hulle sal my nie kan uitskop nie en ek sal ook nie terugtrek nie (p. 117).*

### **2.3.1 Weglating van gewelddadige beskrywings**

Daar is dikwels 'n weglating of 'n verwysing van gedetailleerde gewelddadige beskrywings in Miles se werk, soos in die geval van Tumelo John en sy vrou Busisiwe se dood. Die verteller beklemtoon juis gewelddadige situasies deur sulke beskrywings weg te laat. In hoofstuk 23 sê die *skrywer* net hoe Tumelo John aangerand is, hy hoor stemme al is hy doof.

*Groot doofheid oorweldig hom, die poot die lig die stoof (p. 347).*

Die laaste gedeelte van die sin is sinloos. Hoe kan die poot die stoof lig? In hoofstuk 25 hoor ons eers wat daardie nag met Busisiwe, Tumelo John en Tshidiso gebeur het (vgl. p. 355 en verder). Maar vooraf en voorbereidend word reeds in hoofstuk 2 (p. 15) gesê dat “iets afsigteliks” hom op die aand van 30 November 1987 afgespeel het. 'n “Objektiewe” koerantberig as 'n aanhangsel by die roman verskaf inligting – en dan in Engels – 'n beriggie in die *Sowetan*.

Tshidiso se ouers word voor hom doodgeskiet. Dit is ook ironies dat Tshidiso op dieselfde dag, 30 November 1987, wanneer sy ouers doodgeskiet is, met sy plastiek-masjiengeweer speel: *Dié laat hy vir geen oomblik los nie (p. 333).*

## 2.4 Karaktername wat aan geweld gekoppel kan word

Name word soms implisiet of selfs eksplisiet gekoppel aan 'n karakterbeeld. Dit geld byvoorbeeld vir *Kriek* wat lawaaierig en ook 'n opstoker van geweld is. *Kriek* kan byvoorbeeld lawaai opskop net soos 'n werklike kriek. Hy besig ook growwe taal:

*Hy hoor Kriek lag ... Weet jy wat ek nou gaan doen? Eers 'n dop vat ... En jy! Jy kan fokken bly wees dis nie Brixton hierdie nie, weet jy hoe gelukkig jy is? Onthou dit, jou doos! (p. 259).*

*Kriek bars uit van die lag (p. 262).*

*Hoor hy Kriek se lag? (p. 346).*

*Iemand wat terugskreeu - dit kon Kriek gewees het (p. 43).*

*Hoor hy Kriek lag (p. 221).*

*Mabetha* is 'n Zulunaam wat verwys na iemand wat slaan, daarom word gesê: *Mabetha, Kriek se witbroodjie* (p. 261). *Mabe* verwys na *iets sleg*, net soos blyk uit die roman: die verraaier van Tumelo John. Die van Moleko hou in Sotho verband met *sondebok*, wat weer verwys na die mens wat passief skuld op hom neem, maar nie skuldig is nie.

*Van Niekerk* is aan sy kollegas bekend as Radifeisana, iemand wat kan vuisslaan. Dit is dieselfde vuis wat Tumelo John se doofheid veroorsaak het:

*Tumelo John kyk nie op nie, maar hy moes effens probeer koes het, want Van Niekerk se vuis tref hom net bokant sy linkeroor dat hy op die bliktrommel neerslaan (p. 100).*

## 2.5 Die kleipot en geweldsimbole

Simbole soos die "kleipot", wat met geweld geassosieer kan word, word gebruik. Tumelo John se ma gee dit aan hom as aandenking. Dit speel 'n belangrike rol in die verhaal. Dit is heel as hy weggaan en tegelykertyd simbool van sy tradisies en gebruike. Eintlik is dit deel van sy identiteit. Gaandeweg kraak en breek dit. Toe

die laaste skerf wegraak, word hy vermoor. Die geskiedenis van die kleipot loop parallel met Tumelo John se lewe. In Senekal sê sy oupa vir hom:

*Maar, Tumelo, jy moenie vergeet nie, jy is soos daardie kleipot. Kyk hoe bruikbaar is hy, maar hy bly altyd van die aarde, van dit waarvan hy gemaak is. Jy moet dit onthou: al word jy hoe slim, jy bly maar soos 'n kleipot (p. 23).*

Die vereenselwiging met 'n *kleipot* bevat ook 'n assosiasie met die Ou Testament. Vergelyk byvoorbeeld Job 10:9:

*Dink daaraan dat U my soos klei gevorm het. Gaan U my nou weer stof laat word.*

As teks bevat dit ook 'n voorspelling van die dood. Dit bevestig die vers uit die Bybel dat 'n mens wat uit 'n vrou gebore is, van grond gemaak is (net soos die kleipot) en sal terugkeer na die grond (die dood). Die kleipot, waarsku sy Oupa, is bruikbaar. Op bladsy 48 het Nkosi die kleipot laat kraak:

*Luister, ek sal vir jou 'n ander een kry, die ding het gekraak. ... Dit was nie gekraak nie, dit was in twee helftes met enkele los stukkies (p. 48).*

Die uitgewer is, soos Tumelo John, besig om potskerwe van die laat steentydperk aanmekaar te las, terwyl die skrywer en sy vriend hom besoek. Vir hom is dié opgetelde skerwe waardevol.

*Hy begelei hulle na sy studeerkamer aan die agterkant van sy huis waar hy besig is om pynlik presies die skerwe van 'n kleipot ("opgetel op 'n vriend se plaas, laas naweek") aanmekaar te las" (p. 53).*

Die kleipot was vir Tumelo John 'n gelukbringer. Al sê Nkosi hy sal vir hom 'n ander een kry, sal dit nie dieselfde wees as dié wat sy oupa aan hom gegee het nie. Tumelo John het die stukke saamgevat met die gedagte om dit later weer te las, maar in die oorvol huis het hy nooit so ver gekom nie. Dit het in kleiner stukkies gebreek waarvan sommige weggegooi is of met die latere trek verloor het. Uiteindelik het hy net een skerf oorgehou. Dié het hy altyd met hom saamgedra.

Later versorg hy nog 'n skerf as 'n oorblyfsel van die kleipot:

*dis my potskerf, die laaste stukkies van my waterkruik, wie't dit uit my uniformsak gehaal? Hy gaan sit as hy voel hoe dit swart voor hom word (p. 185).*

Hoe slegter die omstandighede in sy lewe, hoe minder sien hy van sy kleipotskerwe. Die laaste stukkies verloor hy wanneer hy weer deur sy kollegas aangerand en gearresteer word:

*As hy by die polisiestasie uitklim, voel dit of hy nie genoeg bene het om op te staan nie: hy voel na, hy's dronk in die kop (p. 258-259).*

Die naam Tumelo beteken *geloof*. Deur die laaste potskerf weg te smyt en nie weg te gooi nie, toon die skrywer aan die leser dat Tumelo reeds hoop verloor het. Hy is gewelddadig net soos sy kollegas. Omstandighede laat Tumelo verander van 'n gelowige na 'n gewelddadige mens.

*Hy onthou wel sy teenstryding toe hulle die klein potskerf optel wat uit sy sak geval het, daarna kyk, dit tussen die vingers omdraai ... en wegsmyt: die laaste stukkies van sy kleipot (p. 259).*

## **2.6 Die woord “geregtigheid”**

Die woord geregtigheid impliseer 'n onregstreekse verwysing na geweld. Daar is naamlik 'n suggestie van teenstrydigheid in die woord “geregtigheid”. Geregtigheid word steeds ondermyn deur die onreg (geweld) wat plaasvind. Huma, die prokureur, stel dit so voor:

*Al wat dan oorbly is om die reg in eie hande te neem. Geweld word geregtigheid (p. 275).*

*Ons kan by die Almagtige nie kom nie, sy krag is groot. Hy laat reg en geregtigheid geskied (Job 37:2).*

Tumelo het altyd die *tumelo* (geloof) gehad dat geregtigheid sal geskied. Hy is bereid om te sterf.

*As dit moet gebeur dat ek doodgemaak word, moet u weet dis om my weerstand vir reg en geregtigheid (p. 270).*

Die regisseur-verteller laat die woord geregtigheid soos 'n eggo deur die roman klink. Dit is waarvoor Tumelo sterf. Daar is talle verwysings hierna. (Vergelyk p. 150, 160, 171, 172, 208, 211, 270 x 2 en 275).

In sy laaste eggo sê hy (reeds aangehaal):

*Geweld word geregtigheid (p. 275).*

Die woord geregtigheid plaas Tumelo se moord binne 'n betekenisvolle perspektief; hy word 'n soort Godsmán. Hy (Tumelo) lees in 1984 op 'n hoeksteen:

*Loof die Here o my siel en vergeet geeneen van sy weldade (p. 119).*

Die inskripsie hou verband met 'n vers uit die Bybel. Dit beteken vir Tumelo John dat God nie die onreg wat aan hom gedoen is vergeet nie. Dié wat dit gedoen het, sal daarvoor boet. Die woorde van die inskripsie sê ook vir hom dat hy moet ophou om na geregtigheid te smag, want op aarde is daar geen geregtigheid nie. Vergelyk 1 Samuel 26:23:

*Mag die Here elkeen volgens sy geregtigheid en trou beloon, want die Here het u vandag in my mag gegee. Maar ek was nie bereid om my hand te lig teen die gesalfde van die Here nie.*

In die Ou Testament spreek Job (Job 37:23), die vrome en opregte man van God, oor sy lyding met sy vriende op die volgende wyse:

*Ons kan by die Almagtige nie kom nie, Sy krag is groot. Hy laat reg en geregtigheid geskied, Hy verdruk niemand nie.*

Tumelo John se lyding kan moontlik ooreenstem met dié van Job.

Hoe meer Tumelo John om geregtigheid smeek, hoe verder word dit van hom verwyder.

*En Tumelo John dink ... ek het nie verniet aanvaar geregtigheid sal geskied nie, op die duur sal sulke gedrag nie geduld word nie, ek is darem 'n onderoffisier (p. 150).*

Tumelo John wil nie hê daar moet op hom getrap word nie, hy wil net hê sy saak teen Van Niekerk moet reggestel word.

*Is my saak dan nie reg nie? Wat vra ek? Ek vra net dat geregtigheid geskied. Dis tog nie te veel nie. Ek vra net dat daar nie op my getrap word nie. Is dit te veel gevra? (p. 160).*

Roodt (1994:235) sê dat

*... die skrywer in 'n sekere sin egter ook 'n polisieman is wat in die naam van menseregte vir Kolonel Van Niekerk en ander moreel in hegtenis neem, want hier is die eintlike booswigte die betrokke lede van die polisie self. Tumelo John is inderdaad die polisieman wat handel in terme van reg en geregtigheid en in baie opsigte is hy die polisieman van die polisieroman.*

Dit word bevestig in die volgende sitate (reeds aangehaal):

*Brigadier, ek vra net geregtigheid (p. 171).*

*Kan niemand hier sien dat dit geen geregtigheid is nie? (p. 172).*

*Geregtigheid, Brigadier, dis die woord wat ek soek, maar as jy swart is, kan jy melk soos jy wil, jy melk en jy melk, maar hulle gee daardie woord nie vir jou nie (p. 208).*

In Tumelo John se brief aan Craig Byron sê hy:

*Ek weet en God weet, dat ek geen misdaad gepleeg het nie, maar ek veg vir my regte in geregtigheid en ek is bereid om daarvoor te sterf (p. 270).*

Hy versoek Byron in 'n pleitbrief om sy saak te oorweeg voordat dit te laat word:

*Ek is genoodsaak om 'n nederige en dringende versoek te rig vir 'n Hooggeregshofbevel of -instruksie teen my meerderes in die Suid-Afrikaanse polisie voordat dit te laat is.*

*Ek word vir niks gestraf nie omdat ek 'n swartman is wat magteloos is om die boosdoeners voor die reg te daag, want hulle is wit met al die magte.*

*Ek dring daarom nederig by U aan om my penarie ernstig te oorweeg en die aansoek gunstig te steun (p. 239).*

Met hierdie brief kon Tumelo John sy dood voorsien. Die woorde in die aanhaling *voordat dit te laat word* (p. 239), is veelseggend.

Dit is Tumelo se dilemma: hoe meer hy hom probeer loswoel uit die net deur geregtigheid te soek, hoe minder begryp hy; hoe meer hy wil konformeer, hoe gevaarliker raak sy teenstanders (polisie); hoe meer hy wil lewe, hoe nader kom hy aan sy graf. Uiteindelik word hy die slagoffer.

Tumelo John sweer dat hy nie sal toegee om die saak teen Van Niekerk terug te trek nie, hy is bereid om sy lewe te offer. Hy strewe daarna dat geregtigheid móét geskied. Op die vrae wat hy vra, kry hy geen antwoorde nie. Eindelik besluit hy:

*As dit moet gebeur dat ek doodgemaak word, moet u weet dis om my weerstand vir reg en geregtigheid (p. 270).*

Tumelo John reageer opstandig teenoor sy meerderes vanweë die onreg wat teenoor hom gepleeg word. Rossouw (1996:130) meen dat:

*In Kroniek uit die doofpot vind ondermyning van die polisie plaas as verteenwoordigers van die uitvoerende politieke mag in die land. Alhoewel Tumelo John nie sy Christenskap verloën nie, raak hy nietemin opstandig daarteen as gevolg van die onreg wat hom onverdiend aangedoen is.*

Kort voor Tumelo John se dood reken hy dat hy respek vir die polisie verloor het omdat hy nie regverdigheid van hulle verwag nie. Hy tree negatief op teenoor dié beroep.

*Daar is geen geregtigheid nie. Want ek haat. Omdat ek haat, kan daar nie geregtigheid wees nie (p. 306).*

## **2.7 Fisieke geweld en Tumelo John se doofheid**

Tumelo John se doofheid hou verband met die titel van die boek; dié doofheid wat deur Van Niekerk se gewelddadigheid veroorsaak is. Sedert hy aangerand is, is sy gesondheid aangetas, hy is half doof. Hy neem aanhoudend *valiums* om die pyn te stil. Die pyn bly kronies tot sy dood. Vanweë geweld word hy doof.

In die eerste hoofstuk van die roman word al verwys na die gehoorsintuig en doofheid, so ook aan die einde van die verhaal. Die Oupa sê sy ore slaan toe as Tumelo John aangestap kom (p. 14). Tshidiso vertel weer van die gougoubossie se grys appeltjies:

*... eet jy hulle te groen dan slaan jou ore uit (p. 12).*

Tumelo John se ma vertel weer hoe haar man, (dus Tumelo se pa), nie na ander mense wou luister nie:

*... met sy pa wat hom altyd doof hou, het Tumelo John nie geweet wie almal luister nie (p. 12).*

Hoofstuk 1 eindig in 'n dialoog tussen Tumelo John en sy oupa. Sy oupa Tshidiso het hom in 'n donkiekar na die bushalte geneem:

*Hoekom loop jy so stil? Sodat Tumelo John vir hom lag. As jy aankom, slaan my ore toe (p. 14).*

Die dag toe Tumelo John vermoor is, met die laaste aanranding deur sy kollegas wat hom om die lewe gebring het, oorval die ewige doofheid en stilte hom in die dood:

*As hy weer sy oog oopmaak, bly dit donker. 'n Groot doofheid oorweldig hom ... (p. 347).*

In 'n dramatiese dialoog as 'n soort kommentaar op Tumelo se dood, sê die ouman (hy word nie geïdentifiseer nie):

*Hy kon nie hoor wat die voorouers sê nie, sy doofheid het te groot geword, sy krag is gesteel. Die mense wat hom getoor het, is baloi wat nooit deel van die voorouers sal word nie (p. 351).*

Daar is sprake, nie alleen van die doofheid van Tumelo John nie, maar ook van ander mense en beheerliggame wat nie na sy klag wou luister nie en wat eintlik horende doof was.

## **2.8 Geweldkode in *Kroniek uit die doofpot***

Geweld is nie noodwendig fisies nie. Dit kan ook verbaal, psigies en selfs metafisies van aard wees. Geweld word in *Kroniek uit die doofpot* met die volgende aspekte, wat as subkodes beskou kan word, verbind:

- vuis;
- kleur (rooi);
- vuur;
- raspejoratief;
- taalgeweld, en
- abstrakte geweld (ondermyning).

### **2.8.1 Die vuis en geweld**

Van Niekerk is onder die swart polisiemanne as *Radifeisana* bekend. Die dienssersant by wie Tumelo John hom in Pretoria aanmeld, sê:

*Ja, ek weet jy's die Moleko wat deur daardie Radifeisana gemoer is (p. 204). (reeds aangehaal)*

Die woord *vuis* in Setswana is *feisi*, wat aan Afrikaans ontleen is. Die *vuis* is gekoppel aan die motief van gewelddadigheid. Van die begin af word Tumelo John gekonfronteer met die vuis van Van Niekerk. Terwyl die skrywer die lêers nagaan, dink hy:

*En agter al die gekonkel daarna skuil blindheid en onbillikheid. Waaraan dink kolonel Van Niekerk as hy met die dik vingers die foto van sy kleinseun naderskuif? Dat hy 'n beskutte toekoms vir sy nageslag met vuiste wil uitmessel? Waar sal hy genoeg vuiste kry? En hoe duursaam is dit? Is 'n toekoms wat jy van vuiste bou groot genoeg?* (p. 174).

Dit is die vuis waarmee Van Niekerk Tumelo John aangerand het, wat sy doofheid veroorsaak het. Dié vuishou wat sy gesondheid verswak en sy toekoms verdonker het. Nkosi probeer Tumelo John oortuig dat Mabe hom sal “uitvat” as hy 'n kolonel kan word. Tumelo is vasberade dat geregtigheid sal geskied.

*Ek wil net 'n goeie poliesman wees, en 'n goeie poliesman neem nooit die reg in sy eie hande nie* (p. 150).

Dit is implisiete kommentaar op Van Niekerk se gewelddadige optrede. Juis hy neem die reg in sy eie hande deur Tumelo John te mishandel.

*Van Niekerk se vuis tref hom net bokant sy linkeroor dat hy op die bliktrommel neerslaan* (p. 100).

Nkosi sê hy moet bedank maar Tumelo weier. Hy is vasbeslote dat geregtigheid tog moet geskied.

*Shit, ek ken jou mos. Jy sal nie rus en van hierdie hele ding vergeet voordat Radifeisana terreggewys is nie, verkieslik deur 'n Brigadier van Hoofkantoor* (p. 149).

By die dokter se huis lees die skrywer deur Tumelo John se mediese profiel.

*Wel, uit hierdie mediese profiel wat jy saamgestel het, is dit duidelik dat dié man na daardie vuishou in September 1984 doof was in sy linkeroor. Hier staan: konduktiewe doofheid, dit wil sê die oortrom is gebars en dus kan daar nie geleiding van klank in die oor wees nie ... (p. 173).*

Die geweldbeeld word verpersoonlik in Van Niekerk (Radifeisana). Hy het geen jammerte vir sy medewerker nie.

## **2.8.2 Die kleur *rooi* as geweldkode**

In die teks kom die kleur *rooi* in verskillende vorme voor. Dit lyk of die agtergrond in bloed gedoop is. Die gevaar van die bloedklontjie in Tumelo John se oor word beklemtoon. Later is die huis vol bloed as gevolg van die moord op hom en sy vrou Busisiwe. Die vorme van *rooi* wat voorkom is: *rooi*, *bloed*, *bloei*, en ook 'n verwysing na die *rooi* Mazda.

In *A Dictionary of Symbols* (1971:29) sê Cirlot oor *rooi*:

*The red flag was used as a sign of battle. This significance is clearly derived from blood and its modern political meaning of anarchy and left wing tendencies derived from these, being a challenge, violent and bloody if need be, to the established order.*

### **2.8.2.1 Die intensiteit van die kleur *rooi***

Die kleur *rooi* kom in die aanhalings hieronder meestal voor as samestellings wat die intensiteit van geweld beklemtoon soos *bloedrooi*, *rooibruin* en *dieprooi*. Tumelo John is die sentrale figuur in al dié omstandighede.

*Buite kyk hy oor sy agterplaas. By die oorkantste buurman stoet 'n jongerige koraalboom bloedrooi by die punte uit ..... (p. 77).*

Tumelo John is so verbonde aan die kleur *rooi*, hy droom selfs daaroor. In sy droom ry hy in sy *rooi* Mazda, wat ook aan geweld gekoppel kan word.

*By 'n ou man wat langs die pad sit, hou hy stil, sommer in die middel van die pad (die motor kon dalk in die rooibruin sand gestol het). Maar*

*hy is dik van die lag, hy wys na die etiket van 'n vol brandewynbottel wat hy uit sy kar gehaal het. Kan dit waar wees? Vra die ou man. "Hier staan" en hy lees die Afrikaanse woorde onder die rooi prent van 'n witbebaarde man: "Goed vir die warmte, maar dit is geen voorsitter"* (p. 114).

Rooi kan met die hel, geweld of gevaar geassosieer word. In *Okker bestel twee toebroodjies*, ook 'n roman van John Miles, is daar 'n verband tussen die kleur *rooi* en iets gewelddadigs. Okker sien die *rooi* voering van Ben se broeksakke en hy dink:

*Hy het twee wonde aan sy sye (p. 60).*

Die rooi voering van die broeksakke vergelyk hy met wonde. 'n Wond impliseer gekwes wees of beseer wees. Okker, in *Okker bestel twee toebroodjies*, kan met Tumelo John vergelyk word. Okker is ook 'n slagoffer soos Tumelo John, en is onlosmaaklik van die kleur *rooi*. So word hy met die *rooi* tas deur Ben na Botswana gestuur:

*Soos 'n uniform, my merk, die helderrooi tas. Selfs 'n blinde kan my sien, die verdomde Ben (p. 151).*

#### **2.8.2.2 Bloedrooi**

Die bloedrooi dui ook op Van Niekerk se woedebui wat noodwendig tot geweld moes lei. Hy reageer woedend teenoor Tumelo John as hy aan hom die briefie gee:

*Van Niekerk is bloedrooi, hy gryp na hom oor die tafel, dis mis. Dan staan hy skielik terug. Waar's jou dienspistool nou, jou ... (p. 153).*

Tumelo John probeer homself teen Van Niekerk verdedig en dit maak hom woedend. Hy wil hê dat Tumelo John sy vuurwapen moet uithaal, omdat dit sy saak teen hom sal versterk.

*Hoekom pluk jy dit nie weer uit nie? Wat van die een wat daar lê? Tóé!" Die gesig is so rooi, dit lyk of hy onder sy vel bloei (p. 153).*

Van Niekerk, Letshoene en Mabe is saam wanneer Tumelo John die aanklagbriefie aan Van Niekerk gee. Dit veroorsaak die tweede aanranding deur Van Niekerk, wat dink Tumelo John minag hom.

*Die kolonel is so rooi in die gesig soos sy Vespa en Tumelo John kom op aandag en salueer met die briefie in die hand, hy kan aan niks anders dink om te doen nie (p. 99,100).*

### **2.8.2.3 Bloed/Bloei**

Terwyl Vusi en Rappuni oor Tumelo Moleko se dood gesels het, was Gouws baie rusteloos. Hulle het gedink hy weet meer as wat hy wou erken. Vusi sê toe:

*Sien jy hierdie nuwe teerpad van Temba na Eersterus? Lewens is daarvoor neergelê, syne ook, baie kamerade moes boet met die lewe, 'n mens kan sê die pad is in bloed gedoop. Hier skep ons die geskiedenis (p. 351).*

Vergelykenderwys speel die bloedmotief 'n ewe belangrike rol in Mongane Serote se roman *To every birth its blood* (1991:368). Dié roman handel oor swart slagoffers van geweld in Alexandra, Johannesburg. Die verhaal eindig, soos die titel aandui, waar 'n vrou op straat geboorte gee.

*The woman lay on her back. Her vagina, open like the lip of the sky when the sun pours out, was red with blood.*

Die bloedmotief speel 'n belangrike rol in die roman *To every birth its blood*, net soos in *Kroniek uit die doofpot*. Dié vrou is vernederd en hulpeloos. Sy is verplig om in 'n tou te staan om brood vir haar kinders te kry om hulle aan die lewe te hou, al is haar toestand sorgwekkend. Die bloed wat uit haar "vagina" kom, verwys na die pyn wat sy moes deurmaak, wat die diepste wese aanraak.

*Blood like the sun's rays spilled from the lips, the now red lips, to the thighs, to the mat, onto the newspapers (p. 368).*

Van Niekerk, met die bynaam Radifeisana, en met sy gewelddadige vuiste, veroorsaak bloed as hy vir Tumelo John aanrand. Hy leun teen die toonbank terwyl hy op Tumelo John wag om in die voorvalleboek te skryf.

*Die kolonel kyk by die dienskamer se venster uit, tog nie na die bloeiende jakarandalaning nie? (p. 151).*

Van Niekerk se vel verkleur as hy woedend raak. Hy is onder sy kollegas bekend as 'n geweldenaar. Tumelo John is, soos gewoonlik, sy teiken.

*Hy hou sy hand teen sy linkeroor, kyk na Van Niekerk se knieë; hy sien sy stewels, die man het bloed geruik, die bloed wat Tumelo John in sy oor hoor klop (p. 100).*

#### **2.8.2.4 Die rooi Mazda**

Dit kom soms voor asof die gebeure in die roman teen 'n rooi agtergrond afspeel. Die toonaard van die vertelling word daardeur gekleur. Daar word etlike kere verwys na Tumelo John se rooi Mazda. As hy in sy rooi kar ry, is dit asof hy in 'n gewelddadige ruimte beweeg. Dit gebeur dat hy self sy motor se vensterruit breek:

*Tumelo John buk om die graaf op te tel en hy moes hom verbeel het ... dis of hy 'n knal hoor en toe weer die glas sien wat voor hom uit sy rooi Mazda in duisend stukkies breek (p. 79).*

Die Mazda word sodoende ook draer van die gewelddadige - dit dien as vervoermiddel vir Tumelo John. Hy het hard gewerk om dié voertuig te kon koop, 'n paar matriekvakke geslaag en ook tyd gehad vir fotografie teen 'n ekstra inkomste. Later is hy bevorder net soos ander personeellede. Die verhoogde merietetoekenning asook die inkomste uit fotografie stel hom in staat om die rooi Mazda te koop, te midde van 'n wrok wat sy meerderes, veral Mabe, teenoor hom ontwikkel.

*Tumelo John kan 'n goeie motor koop, 'n bloedrooi Mazda. Hy was hardwerkend, hy was voorbeeldig (p. 58).*

Een van die Askari's beledig vir Tumelo John as hulle hom in die hospitaal vind. Hulle assosieer hom met sy rooi Mazda. Tumelo John is in die hospitaal vanweë die aanhoudende pyn in sy linkeroor, en die Askari's vererger sy toestand deur te sê:

*"Jy's die een wat met die rooi Mazda gekom het. Die ander ouens het gekom in 'n kombi en daar was een met 'n rooi Mazda" (p. 179).*

Gedurende die insident tussen Tumelo John en die Askari's, stort Tumelo John ineen wanneer hulle hom beledig. Hy probeer hulle oortuig dat hy niks verkeerd gedoen het nie.

*My Mazda was rooi, ja, maar ons het niks gedoen nie. Dit was net ek en ... Nkosi, wou hy sê. Net ek en Nkosi, Nkosi! (p. 179).*

Die Askari's intimideer vir Tumelo John. Hulle gebruik kragwoorde en dit laat hom bang word, want die Askari's is bekend daarvoor dat hulle betaal word om mense dood te maak.

## **2.9 Die vuur as geweldkode**

Die vuur- of brandmotief gaan gepaard met die kleur rooi wat ook na geweld verwys. Cirlot (1991:106) maak die volgende stelling ten opsigte van die vuurmotief:

*The middle way lies in the comfortable solution of simply making material use of the benefits of fire. But fire is ultra-life. It embraces both good (vital heat) and bad (destruction and conflagration). It implies the desire to annihilate time and to bring all things to their end. Fire is the archetypical image of phenomena in themselves.*

Vuur kan derhalwe 'n vernietiger, 'n verwarmer of 'n vernuwer wees. Dit is ironies dat die skrywer die volgende oor Tumelo John sê:

*TJ Moleko was die spreekwoordelike gewone mens wat gedink het die lewe is 'n vuurtjie om jou by warm te maak en met vuur kan jy maar speel (p. 15).*

Tumelo John sien die verwoesting, veroorsaak deur vuur, op pad na Orlando-polisiestatie.

*Uitgebrande voertuie, afgebrande geboue, mense wat haastig wegskarrel, min mense, maar oral oë, oë wat uitroep: skok, woede, angs, onsekerheid of gewoon dik gehuil van die traanrook (p. 41).*

Alles gebeur tydens die opstand in Soweto in 1976. *Skok* en *woede*, *angs* en *onsekerheid* word aan geweld gekoppel. Die komponent *rook* uit die woord *traanrook* bevat ook 'n assosiasie met vuur. Rook gaan gewoonlik gepaard met vuur. Op bladsy 90 word die volgende genoem:

*Geweld soos nog nooit gesien sedert Sharpeville 24 jaar gelede. Ook in Tembisa en Mamelodi is skares met traanrook uiteen. Sebokeng se hospitaal is vol (p. 90).*

Wanneer Zondi met Tumelo John gesels, vra hy vir Tumelo John of hy gehoor het van die vrou wie se lyk verbrand is. Die mense glo dat sy vir die polisie werk.

*Vier gemeenskapsleiers, wat al 'n paar dae lank vermis word, se verbrande lyke is op verskillende afgeleë plekke in die buitewyke van Port Elizabeth gevind (p. 208).*

*Het jy gehoor van daardie vrou wat hulle met die band om die nek verbrand het .... sê sy het vir die Polisie gewerk? (p. 210).*

Goniwe, wat aan die Suid-Afrikaanse polisie-gemeenskap bekend is vanweë sy *weldade* word later ook 'n slagoffer van die apartheidsisteem.

*Goniwe, gewilde gemeenskapsleier se hande was gebreek. Calata, die Afrikaansondêrwyser, se vingers afgesny. En ook die ander twee aktiviste vol kop-steekwonde, óók geskiet en toe verbrand ... (p. 209).*

Na vuur en brand word verwys in verskillende voorvalle soos *KHOTSO-HUIS VERNIETIG IN BOMAANSLAG* (p. 271). Zondi vertel vir Tumelo John hoe hulle mense *uit die pad uit* kry vir die polisie.

*Hy vertel hy moes twee keer petrolbomme gaan plant, een by die huis van 'n grootkop predikant (p. 296).*

### **2.9.1 Geweldswapens**

Dwarsdeur die roman word verwys na skiet en vuurwapens en selfs ploftoestelle. In die kategorie is die geweld interpersoonlik, intergroepsgerig en polities gemotiveerd. Die “skrywer” besluit om inligting by 'n misdadaverslaggewer in Pretoria te kry. Terwyl hulle oor Le Grange en ander polisiemanne wat die doodstraf gekry het gesels, sê die verslaggewer:

*Die twee het te ver gegaan, dit sal hulle erken: Jy bedoel omdat die offisier sy sersant opdrag gegee het om iemand dood te skiet net oor hy glo vir die ANC werk? Nee, oor die geld wat hy onder die tafel gekry het, maar ... (p. 142).*

Molope het gedurende die opstand in Winterveld, waar twee mense dood en sommige gewond is, opdragte gegee. Intussen het hy brigadier geword. Tumelo John se buurman vra hom:

*“Het jy gehoor, hulle het Molope doodgemaak? Ek het geweet dit sal kom. Het jy dan nie geweet nie? Die mense sê dis die polisie self wat hom uit die pad gekry het, net een kopskoot ... ek sê maar wat ek gehoor het” (p. 253).*

Die Khotso-huis vernietiging deur 'n bomaanslag kan ook polities gemotiveerd wees. Ds. Frank Chikane se verklaring in 'n oggendkoerant lui soos volg:

*“Ons is geskok, maar nie geheel en al verbaas nie. Sy huis in Soweto is al in die verlede onder petrolbomme gesteek, die kantoor by 'n instituut waar hy vroeër gewerk het, het afgebrand en onlangs is 'n pakkie by sy pa afgelewer met 'n Russiese handgranaat daarin” (p. 271).*

## 2.10 Interpersoonlike geweld

Geweld vind ook op interpersoonlike vlak tussen Tumelo John en Van Niekerk plaas. Tumelo John wil nie gebuk gaan onder die onregverdige juk van Van Niekerk nie. Dit is duidelik dat die konflik tussen dié twee polisiemanne in die roman die gevolg is van persoonlike verskille tussen hulle.

Die kind wat die speelding uithaal om die polisiebakkie te *skiet*, korrel akkuraat. Dié aksie plaas Tumelo in 'n ongemaklike situasie. Hy skrik vir sy eie kind se fantasie:

*Die kind pluk sy speelding uit en korrel akkuraat en - te oordeel aan die gesigsuitdrukking en die plofgeluide uit die klein mond - skiet met vier koeëls al die bande flenters dat die bakkie voor hulle in die pad rondtol, 'n ysterreling kantelend tref. En in die denkbeeldige verbyry is die polisieman met een kolskoot dood (p. 299).*

Solane Richard, Tumelo John se swaer, kry inligting by Bullit wat hy aan die koerant, *Sowetan* gee:

*Eers het hy getalm, intussen nog gegewens gekry. 'n Leidraad van Nuni het hom op die spoor gesit van die man wat weet hoe Joe Gqabi van die ANC in Zimbabwe doodgeskiet is, in die oprit na sy huis: dit was in '81 (p. 335).*

Solane probeer sy swaer help. Dit is interpersoonlik: hy wil hê sy swaer moet onskuldig bevind word. Hy gaan spreek die dokter wat die rekord van Tumelo John se siekte het.

*"... En wat gebeur toe met hierdie dokter? Word doodgeskiet en sommer sy vrou ook ... hulle is erger as terroriste" (p. 335).*

Die dokter is 'n lid van die Civic, hy sal die gewondes behandel en die koeëls verwyder – met ander woorde, hy sal hulle lewens red. Die gewondes is bang om hospitaal toe te gaan want daar spoor die polisie hulle maklik op.

## 2.11 Taalgeweld

Geweld kan ook verbaal uitgedruk word in die vorm van vloekwoorde/kragwoorde en raspejoratiewe.

Geweld skuil in die woorde wat in die teks gebruik word. Die verteller het 'n drang om alles wat hy weet in woorde uit te druk. In die lewe van Tumelo is alle soorte van geweld iets alledaags. Alberts (1983:190) verwys terloops ook na die geweldsmotief in vroeëre prosa van Miles:

*Die geweldbeelde maak die grootste indruk in die metafore wat beelde bevat wat aan die geweldsituasies ontleen is. Die metafoor kan vanweë sy oordragtlike waarde dikwels hiperbolies optree, so verkry 'n bepaalde metafoor feitlik onbeperkte krag.*

Alberts (1983:294) verwys so ook na taalgeweld in Miles se werk en dan in besonder in *Okker bestel twee toebroodjies*. Miles kleur so sy taalgebruik in *Kroniek uit die doofpot* met vloekwoorde en kragwoorde. Soms kom dié woorde voor as geweldsmetafore wat geweld kan uitlok soos:

*“Kom uit as julle wil baklei, onnosele donkies”* (p. 56).

Swartmense word verneder deur die negatiewe en neerhalende name wat gegee word. Nkosi sê die volgende:

*Daardie Mabe is 'n regte ou drol* (p. 75).

Hy (Alberts, 1983:295) sê dat taal “... die mag [het] om te skok, taal self word dus geweld ...”

Die sersant wat op diens is, sê vir Tumelo John:

*“Ja, ek weet jy's die Moleko wat deur daardie Radifeisana gemoer is. Fok, man, hoekom kla jy hom nie aan nie?”* (p. 204).

Die meeste van dié soort kragwoorde word op Tumelo John betrek:

*Hulle het hom weggejaag uit die onderoffisiersmenasie, het hy vertel. En hom goed laat verstaan: Sy gat is toegeskop, hy mors sy geld; sy dae in die polisie is getel! (p. 215).*

Kriek intimideer vir Tumelo John met growwe taal voordat hy die ander polisie beveel om vir Tumelo na die selle te neem, hy gee die bevel, hy skreeu opgewonde en lawaaierig:

*“En jy! Jy kan fokken bly wees dis nie Brixton hierdie nie, weet jy hoe gelukkig jy is? Onthou dit, jou doos” (p. 259). (reeds aangehaal)*

Kriek se haat teenoor Tumelo John blyk al duideliker. Kriek se uitspraak bevat ook implisiete kommentaar op strukturele geweld, wat aanvaar word omdat dit *wettige* geweld sou wees:

*“Jy’t te wit geraak, my matie. Ek weet nie wat soek jy nog in die polisie nie. Hoekom fok jy nie, vir jou eie beswil?” (p. 262).*

Terwyl Kriek aan die oefen is, besluit Tumelo John om sy opwagting by die polisiestasie te maak. Hy kry vir Wieman daar wat net soos Kriek optree:

*“Hierdie ding moet na ’n punt kom. Jy fok ons almal rond” (p. 317).*

## **2.12 Raspejoratiewe**

Raspejoratiewe kan ook as verbale geweld gesien word. Volgens Van Heerden (1987:139) is woorde soos *kaffer*, *baas*, *oubaas* en *miesies* rassisties, minagtend, onversoenbaar, krities, argeloos, beledigend, verkleinerend, onmedemenslik, onmenslik en superieur. Dit is tot ’n groot mate waar: swartes is voorheen as kaffers voorgestel, wat baie beledigend is. Brink (1983:89) sê die volgende oor wit Suid-Afrikaners:

*Most whites have simply not yet begun to think of blacks as human beings. A word like kaffir, Bantu, Boy or girl is a denial of the human individuality of another person (p. 89).*

Tumelo John is baie ontsteld en verneder en psigies of emosioneel aangetas as hy as *kaffer* gesien word. Leach (1989:271) haal die volgende toeligting uit *Vrye Weekblad* in verband met die woord *kaffer* aan:

*... It is generally accepted that a language reflects the soul of its people. Judged by the official "Dictionary of the Afrikaans language" which is printed by the government printer, Afrikaans has a heavily racist substructure. In Part Five of the dictionary, which covers J to K, there are twelve pages about the word kaffir. No less than three hundred and three words starting with kaffir are dealt with. And the golden thread running through all these words is that kaffir is equal to inferior, useless and lazy.*

In Dalene Matthee se gewilde roman *Fiela se kind*, vind ons Benjamin, 'n wit seun wat as hanskind deur Fiela, 'n bruinvrou, grootgemaak is na hy weggedwaal het van sy biologiese wit ouers. Hy spreek die magistraat aan as baas:

*"Ek is Fiela Komoetie se kind, baas, ons is nie kaalgatte nie, baas, ek sweer. Ek het vyf sjielings om dit te wys. Hy het alles verkeerd gesê omdat hy so vinnig praat, want die magistraat was op pad deur toe. Baas, asseblief" (p. 66).*

Die magistraat antwoord hom deur te sê:

*"Ek wil nooit weer hoor dat jy daardie woord baas gebruik nie. Jy is 'n wit kind en jy sal leer om soos 'n wit kind te praat" (p. 66).*

Dit wil sê 'n swart of bruin kind gebruik *baas* maar nie 'n wit kind nie.

Raspejoratiewe kan beskou word as woorde met negatiewe betekenisinhoud, die teenoorgestelde van eufemisme. Van Heerden (1987:3) wys op die rassistiese konnotasie van die woord "kaffer" in Suid-Afrikaanse omstandighede, waar rassiesake vanweë die heterogene bevolkingsamestelling en die diskriminerende apartheidspraktyk baie sensitief is:

*Die leser van die tagtigerjare - en om te veronderstel dat hy noodwendig swart sal wees is waarskynlik 'n onnodige en rassistiese verskraling - ervaar die woord kaffer nou in sy kwetsende, moontlik nuwe effek - dié van 'n tiperende en rassistiese teken vir 'n groep mense wat weens hul velkleur gekategoriseer en op minderwaardige wyse genoem word. Of dié effek noodwendig nuut is - of kaffer vroeër dus 'n rassisties onskadelike woord was - is 'n vraag wat slegs beantwoord kan word deur benewens die ontleding van die teks waarin die woord gebed is, ook buite die teks te beweeg en die betekenis van dié woord en verwante sosiale konvensies diachronies te ondersoek.*

In *Kroniek uit die doofpot* vind ons voorbeelde soos hierbo. Nadat Van Niekerk vir Tumelo John bokant die linkeroor met sy vuus getref het, sê hy:

*"Dis julle kaffers wat al die shit veroorsaak. Wanneer gaan julle iets daaromtrent doen?"* (p. 100).

Swartmense kan in die twintigste eeu nie meer aanvaar om kaffer genoem te word nie. Toe Maphanga sy kantoor instap, lees hy op die voorblad van *Sowetan* van 'n

*hofuitspraak waar iemand skuldig bevind is omdat hy 'n ander persoon as kaffer uitgeskel het* (p. 118).

Tumelo John maak 'n saak teen kaptein Welgemoed omdat hy hom beledig het.

*"... Hoekom is dit ons swartes wat altyd skuldig is?"*

*"En wat het hy nogal verkeerd gedoen?"*

*"Hoekom dra jy nie jou pet nie, my kaffertjie?"* (p. 238).

*"Hy't my beledig, hy't my 'n kaffer genoem ..."* (p. 262).

Die middag toe hy langs sy huis stilhou, klim hy nie uit nie, hy slaan met altwee hande teen die stuurwiel:

*Die vernedering! Om voor jou juniors en sommer wild-vreemdelinge soos 'n misdadiger behandel te word, 'n moordenaar, soos vuilgoed, 'n kaffer! (p. 110).*

Die gebruik van die pejoratiewe is 'n barometer van die verhouding tussen verskillende rasse. Die skrywer onderstreep die rassistiese aard van die omstandighede waarin Tumelo John leef. Die sprekers skep 'n tipiese Suid-Afrikaanse situasie wat verteenwoordigend van die betrokke tydvak is.

## **2.13 Die pers as opstoker van geweld**

### **2.13.1 Sowetan, Transvaler, Beeld, Televisie en Briewe**

Die pers of media kan as fokaliseerders beskou word by die voorstelling van geweld. Die *Sowetan* en verslae en briewe hou die kommunikasielyn vir die leser oop. Dit is die geval in *Kroniek uit die doofpot* waarin die rol van die pers tog aan die orde kom. Dié koerant gee aan sy leser, naamlik Tumelo John, meer inligting oor 14 mense wat dood is en 200 wat beseer is. Kaptein Welgemoed raak baie bekommerd as hy sien dat Tumelo John *Beeld* lees. Hy vra vir Tumelo wie se koerant dit is.

*“Solank jy nie alles glo wat in hierdie koerant staan nie.”*

*“Hoe so Kaptein?”*

*“Die ding gaan nog geskraap word.”*

*“Maar Kaptein, dis dan in Afrikaans!” (p. 90).*

So is die *Sowetan* nes *Beeld* ook 'n rolspeler en 'n belangrike fokaliseerder. Die blad berig ook oor die moord op Tumelo en sy vrou. Die joernalis van die *Sowetan* wat oor die moord geskryf het, word self vermoor. Niemand weet deur wie nie; dit kan wees om sy mond te snoer. Miskien moes hy die nuus van Tumelo John en Busisiwe se dood nie gerapporteer het nie.

Die nuusberigte is as't ware die universele geweldsomraming vir die individuele geweld waaraan Tumelo John blootgestel word. In *Okker bestel twee toebroodjies*, toon Okker die mag van die koerant so aan:

*'n Koerant se invloed kan enorm wees (p. 143).*

Tshidiso, Tumelo John se seun, speel met 'n plastiek masjiengeweer, hy na-aap wat hy op televisie sien. Die televisie se invloed is net so sterk soos dié van koerante op mense. Dit is ook 'n gewelddraer. Willard (In Rowland, 1983:103) gee sy eie siening hieroor:

*Televised crime, violence and brutality has an adverse effect upon many child viewers. Generally speaking, the research people are somewhat more cautious than are the professionals who cope with the delinquency problem directly (p. 108).*

Die *Sowetan*, verskaf inligting, rapporteer oor geweld en dit word weergegee in *Kroniek uit die doofpot*. Elke keer as 'n swart polisieman dié koerant lees, dan gaan dit (vgl. p. 118) óf oor rasseprobleme óf oor geweld in Soweto, die plek waarna die *Sowetan* vernoem is.

*Nou-nou sal Maphanga kom en sy kantoor oopsluit. Op die voorblad van die Sowetan lees hy van 'n hofuitspraak waar iemand skuldig bevind is omdat hy 'n ander persoon as kaffer - uitgeskel het.*

In die *Sowetan* wat Maphanga koop en na sy kantoor toe neem, staan 'n beriggie op die voorblad van iemand wat in die hof moes verskyn omdat hy iemand anders as *kaffer* uitgeskel het.

*"Daar is nie 'n meer eerbare of 'n beroep met soveel avontuur vir 'n jong man met inisiatief nie as die polisie", lees die skrywer in sy oggendkoerant (p. 139).*

Tumelo John vind een van sy kollegas op die stoep besig om koerant te lees en hy wil weet wat daarin staan. Hy vra die sersant wat daarin staan en dié wys hom die koerant (reeds aangehaal). In die koerant word vertel van die vier gemeenskapsleiers, wat reeds 'n paar dae lank vermis was, en wie se erg verbrande lyke op verskillende afgeleë plekke in die buitewyke van Port Elizabeth gevind is:

*Goniwe, gewilde gemeenskapsleier, se hande was gebreek. Calata, die*

*Afrikaanse onderwyser, se vingers afgesny. En ook die ander twee aktiviste vol kop-steekwonde, óók eers geskiet en toe verbrand (p. 209).*

Daar kan gevra word watter rol massakommunikasiemedie soos *briewe, inskripsies, TV en die radio*, en veral koerante, speel in die toename van geweld. As koerantberigte in *Kroniek uit die doofpot* bestudeer word, word dit duidelik dat net gewelddadige gebeure in koerante verskyn, byvoorbeeld die Khotso-Huis bomaanslag, Tumelo John en sy vrou se dood, Goniwe se dood, die joernalis se dood en so meer. Net so word Ben, Van Vuuren, Steve en andere met 'n koerant vergelyk in *Okker bestel twee toebroodjies*:

*'n Koerant is so onhanteerbaar om oop te vou, kolomme te soek, berigte en vol dwaashede van die strate. 'n Koerant is 'n portret van Ben, Ben met duisend slange om sy medusakop. Elke slang balk 'n storie uit soos 'n esel (p. 124).*

Na aanleiding van die aanhaling hierbo kan terug verwys word na Van Niekerk se opmerking teenoor Tumelo John: hy mag nie glo wat hy in die koerant lees nie. Van Niekerk is bang dat die nuus in die koerant vir Tumelo John sal beïnvloed.

Die geweld wat in koerante beskryf word, is spesifiek gemik teen swartmense. Op televisienuus sien Tumelo John as hy gaan sit

*Sebokeng, sien hy. ... Ses mense wat die doodstraf kry vir die moord op die burgemeester van Lekoa in September 1984 (p. 337).*

Die berig wat die joernalis van *Sowetan* se lewe gekos het, was die klein beriggie oor Tumelo John en sy vrou Busisiwe se dood:

***COUPLE SHOT DEAD*** (p. 355).

Solane Richard bel die skrywer wat betrokke was by die skryf van Tumelo John se geskiedenis.

*"Het jy gehoor? Daardie joernalis van Sowetan is gisteraand dood. Geskiet. Hulle sê dit was roof. Sommer roof" (p. 357).*

Uiteindelik is Tumelo John dood, sy saak is dood, alles om hom is doof en dood. Niemand sal meer sy stem hoor nie. Niemand sal berigte oor hom in koerante laat verskyn nie, alles is stil.

## **2.14 Organisasies en die naam Mandela**

Die ANC is deur die toenmalige Suid-Afrikaanse regering as terroriste, kommuniste en vyande beskou omdat hulle teen apartheid geveg het. Vogelmann (1989:42) sê die volgende oor geweld in Suid-Afrika:

*Apartheid is broadly one of the most destructive elements in South Africa. It is incompatible with mental health and primary cause of violence in this country ... what we are seeing in whites is a feeling that they are losing power (p. 42).*

As polisie-offisiere of die regering vermoedens het dat iemand verbintenisse met die ANC het, moet hy uit die weg geruim word:

*Jy bedoel omdat die offisier sy sersant opdrag gegee het om iemand dood te skiet net oor hy glo vir die ANC werk? (p. 142).*

In die hospitaal hoor Tumelo John ander pasiënte gesels oor operasie *Palniet* in *Sebokeng*. Volgens hulle is die dorp deur 7 000 manne beset, en is die polisie deur weermagde bygestaan.

*"Ou Letshoene sal sorg dat sy familie veilig is", sê Nkosi. "As die bliksems nie wil luister nie en dit so aanhou sal dit met ander dorpe ook gebeur, ons moet die raadslede beskerm. Die ANC het gesê die plek moet onregeerbaar gemaak word" (p. 148).*

Die PAC, net soos die ANC, is 'n organisasie wat die Suid-Afrikaanse regering agterdogtig maak.

*"Hy's ook PAC, iemand wat altyd in en uit die land is. Maande lank is hy weg dan kom hy weer" (p. 195).*

Tumelo John het 'n houtbeeld van Zimbabwe af gebring. Tsepo sê vir Tumelo dat hy gehoor het hoe mense daaroor skinder: daar word vermoed dat dit 'n beeld van Mandela is. Daarom waarsku Tsepo hom:

*"Jy weet Tumelo jy moet lig loop. Mense hou nie op met skinder nie. Ek het gehoor hulle vertel jy het 'n groot kop van Mandela in jou huis."*

*"Mandela? Moet mense wees wat nie my vrou ken nie, vir seker. Sy laat nie eens vir Zondi op haar stoep toe nie, wat nog van 'n tronkvoël soos Mandela in die slaapkamer" (p. 256).*

Tumelo John ontmoet Sam wat van Zimbabwe af kom en wil weet hoe dit daar gaan: wat gaan word van mense soos Zondi van die UDF en van Craig Byron wat sy werk as prokureur in gevaar stel om vir 'n swartman (Tumelo) in die hof op te tree:

*"Byron, ja." Sithole lag. "Daar is baie ander lande waar hy dieselfde werk kan doen en 'n paar ... 'n páár, waar hy ook tóégelaat sal word om dit te doen." Hy lag harder. "Ek sien al hoe gee hy pad na Australië. Hiér staan hy nie 'n kans nie, nie as die ANC oorneem nie." (p. 269).*

Die konteks waarbinne geweld teen die ANC gebruik word, soos beskryf in die teks, word seker geteken in die werk *FW de Klerk*, deur Willem de Klerk (1991:72). Hy wys op die vrees by die blanke, die vrees vir die onbekende as die ANC sou oorneem:

*Dié vrees verwag 'n chaos. Alles sal ineenstort: die ekonomie sal tot armoede en bankrotskap verkrummel; die maatskaplike orde sal disintegreer in geweld, wetteloosheid, intimidasie, moord en doodslag, die politieke stelsel sal omgebuig word tot dié van 'n swart diktator wat met verskrikking heers, die regering, die polisie, die militêre en die sakewêreld sal vol korrupsie wees; en die woede en wraak van omgekeerde rassisme sal die blanke en veral die Afrikaner onderdruk en aantas aan sy lewe. Van die blankes sal 'n skouspel gemaak word (p. 72-73).*

Die vrees vir die ANC manifesteer ook in *Kroniek uit die doofpot*. As die regering iemand ontmasker wat die ANC steun, soos met die veiligheidspolisie se betrokkenheid by die Sebokeng-moorde, word sulke mense tronk toe gestuur. Tumelo John kyk na die nuus op TV, hy draai harder as hy van die moorde in Sebokeng hoor:

*die nuusleser praat met sy sedige boekevatgesig van twee voormalige lede van die veiligheidspolisie wat elk 14 jaar tronkstraf kry omdat hulle sekuriteitsinligting aan die ANC deurgestuur het (p. 337).*

Die name ANC en Mandela het gevaar beteken onder die Suid-Afrikaanse regering. Tumelo John se vrou Busisiwe sê vir haar man (uit vrees vir sy lewe):

*Wanneer raak jy ontslae van daardie kop? (p. 336).*

Tsepo het Tumelo John reeds vroeër gewaarsku dat mense skinder oor die houtbeeld (kop) van Mandela wat in sy slaapkamer is. Busisiwe is vreesbevange dat hulle iets sal oorkom weens dié kop.

In sy outobiografie in die roman *Long walk to freedom* sê Nelson Mandela die volgende oor die vrees wat die Nasionale Party teenoor swartmense en Indiërs gekoester het in die jare sedert 1948 onder die leierskap van General Smuts:

*The National Party's campaign centred on the **swart gevaar (the black danger)**, and they fought for the election on the twin slogans of **Die kaffer op sy plek (the nigger in his place)** and **Die koelies uit die land (the coolies out of the country)** - coolies being the Afrikaner's derogatory term for Indians (p. 127).*

Die aand toe Tumelo John vermoor word, val hy teen die blinde kop (sogenaamde kop van Mandela):

*Hy val teen die blinde kop op die vloer, hoor stemme in die mat: Afrikaans, Zulu, Sotho (p. 347).*

Tumelo John kyk na homself in die spieël, hy sien sy geswelde ooglid en vergelyk homself met die kop in sy slaapkamer:

*En nou die geswelde oog, binnekort lyk ek soos die onthoofde stuk hout op my slaapkamervloer, hulle moet hom nog net afkap, ek is ou Mandela. Maar, toe maar, ons sal sien. Niemand se kop (p. 281).*

In die dialoog tussen Solane Richard en skoonma Hlongwane oor die moord op Tumelo John en sy vrou Busisiwe, sê hulle die volgende oor die bevindings van die lykskouings:

*Hulle sê volgens die lykskouing is hy deur twee koeëls getref - vinnige koeël soos AK-47. Nog etlike ander letsels en breuke aan die gesig .... As jy vir die ANC werk en dit kan in die hof bewys word, is die tronk jou voorland, maar as dit nie bewys kan word nie en slegs 'n vermoede bestaan, is dit bokveld toe met jou (p. 349).*

Dit alles dui daarop dat die ANC deur die Suid-Afrikaanse regering gevrees is. Enige kontak met dié organisasie of suspisie van betrokkenheid daarby kon lei tot tronkstraf of die dood.

## **2.15 Die gewelddadige ruimte**

Ruimte in 'n teks word onder meer geskep deur die weergawe van gebeurtenisse en uitbeelding van personasies of die gee van eksplisiete inligting oor ruimte, dus 'n ruimtebeskrywing (Vgl. Van Gorp *et al.*, 1991:357).

As 'n mens ruimte so sien, is dit duidelik dat persone en gebeure en eksplisiete of konkrete ruimte almal meehelp om die geweldsfeer te beklemtoon. Uit die voorgaande besprekings het al geblyk dat persone, soos Tumelo se meerderes, meehelp om die geweldsruimte met woord en daad te stimuleer of te konkretiseer.

Een besondere ruimte wat geweld, en in hierdie besondere teks onreg, impliseer is die *tronk* met alles wat ruimtelik daarmee saamhang soos selle en verder arrestasie, aanhouding, gevangenessing en aanranding, onder andere met sambokke.

Die tronk kan as 'n ongunstige, gewelddadige en vyandige ruimte beskou word. Deur dié ruimte-uitbeelding word 'n beeld gegee van geweldsbetrokkenheid, waarbinne 'n enkeling soos Tumelo John, magteloos is. Hy het géén keuse wanneer Kriek hom selle toe stuur nie.

'n Opvallende kenmerk van die ruimtes waarin Tumelo John hom in verskillende stadia van die roman bevind, is dat dit telkens 'n potensiële of 'n werklike geweldsone is:

*Op die oggend van 22 Augustus word Tumelo John vlak voor die spreekkamer van dokter Beekman – deur vier van sy kollegas gearresteer. Hy verset hom hewig (p. 258).*

Hy word dus nie net gearresteer nie, maar ook aangerand deur die twee wit manne. Konstabel Gouws kry hom aan die skouers beet en sersant Wieman aan die bobeen. Eers 'n “verdere skop” laat hom bedaar. By die polisiestasie wag Kriek hom in en hy “lag”:

*“Vat hom selle toe. Hiervoor het ek lankal gewag ... En jy. Jy kan fokken bly wees dis nie Brixton hierdie nie, weet jy hoe gelukkig jy is?” (p. 259).*

Tumelo John word gearresteer omdat hy sonder sy pet loop. Dan dink hy hy kan 'n saak teen kaptein Welgemoed maak. Hy word deur Kriek gewaarsku om in sy spoor te trap. Tumelo John, wat verneder voel met die boeie aan sy hande, vra:

*Waarom arresteer julle my, Kaptein? (p. 263).*

Vroeg in November ontvang Tumelo John 'n brief van kaptein Opperman waarin hy aangesê word om die oggend van die 8ste by die polisiestasie te rapporteer. Hy sal na die militêre hospitaal geneem word vir behandeling van sy beseerde oor. Tumelo John neem die brief na sy prokureur, Brian Huma, wat voorstel dat hulle 'n eis teen die Minister moet instel. In die brief sê Huma:

*Ons eis vir onwettige arrestasie, onwettige aanranding en onwettige aanhouding. En dan vir skade aan jou motor (p. 297).*

Tumelo John doen sy bes om nie in politieke gesprekke betrokke te raak nie, hy wil beskou word as 'n "skoon" polisieman. Zondi, bekend as 'n politikus, is in en uit die tronk vanweë sy betrokkenheid by die UDF.

*Hy hoor dat Zondi intussen weggevat is: hy word glo in Mabopane aangehou. Daarna pols hy Makgato oor brigadier Molope se dood (p. 254).*

Bullit kom vra hulp by Tumelo Moleko, hy sê die polisie gaan vir Zondi doodmaak as hy nie gehelp word nie. Hy vertel

*... die Bophuthatswana-polisie het laat die middag vier van die aangehoudenes uitgeneem om versteekte wapens te gaan uitwys. Zondi was die een wat die spit moes afbyt, hy lyk al baie sleg, die ander is net met sambokke geslaan (p. 231).*

Behalwe die UDF, ANC en verwante organisasies is daar die Mbokhoto wat anders as eersgenoemde groepe opereer.

Tumelo John sê vir Tsepo dat die hoof van Kwa Ndebele en die polisie glo dat Van Niekerk 'n regverdige man is, en so ook die Mbokhoto. Tumelo sê:

*... maar as die Mbokhoto wat mense ontvoer en die moorde pleeg, gevang word, sit hulle nie eens een dag in die selle nie, dan gryp die kabinet in (p. 229).*

Tsepo waarsku Tumelo John oor die groot kop van Mandela wat in sy slaapkamer is, en sê dat mense daarvoor skinder. Tumelo wil nie met Mandela geassosieer word nie, want hy en sy vrou hou nie van politiek nie. Sy reaksie is:

*Mandela? Moet mense wees wat nie my vrou ken nie, vir seker. Sy laat nie eens vir Zondi op haar stoep nie, wat nog van 'n tronkvoël soos Mandela in die slaapkamer (p. 256). (reeds aangehaal)*

Craig Byron voel onrustig nadat hy gehoor het van 'n swart polisieman wat deur twee polisiekonstabels en 'n majoor aangerand is en vra die skrywer:

*“Wanneer kry ons jou boek? Wanneer kry ek my lêers terug ...?” En hy vertel van ’n nuwe geval wat onder hulle aandag gekom het. ’n Swart konstabel van die Clevelandse polisiestasie is onlangs deur ’n majoor en twee konstabels aangerand, daarna in ’n sel gestop. Hy’s later in die hospitaal dood aan bloeding op die brein (p. 276-277).*

Later bevind Tumelo John hom weer eens in die tronk, dié keer in verband met afwesigheid van die werk. Hy word aangekla van drostery. Tumelo John moet weer ’n ooroperasie ondergaan vanweë die aanhoudende pyn wat hy verduur. Terwyl hy in die selle is, bring die selkonstabel vir hom ’n *grandpa* om die pyn te stil.

*Hy lê op sy selbed en dink aan Tshidiso. Hoe sal sy seun grootword?*  
(p. 265).

Al dié vernederings laat Tumelo John self in ’n gewelddadige persoon verander. Hy sê sy geskiedenis sal

*... soos ’n wolk saam met my trek, oral waar ek gaan.*

Tumelo John sê vir Byron dat hy klaar besluit het:

*... ek kan nie teruggaan nie, ek gaan van nou af vir die struggle werk*  
(p. 324).

Die aanhalings toon dat die intimidasie, vernedering en die tronk vir Tumelo John verhard het. As hy na sy geswelde ooglid in die badkamerspieël kyk, dink hy, soos in 2.14:

*... En nou die geswelde oog, binnekort lyk ek soos die onthoofde stuk hout op my slaapkamervloer, hulle moet hom nog net afkap, ek is ou Mandela. Maar, toe maar, ons sal sien, Niemand se kop (p. 281).*

Hy noem homself uiteindelik Mandela, nie meer die *tronkvoël* van wie hy vroeër (p. 256) gepraat het nie.

Die tronk versinnebeeld Tumelo John se lewe, sy hele lewe deur kan hy as ’n gevangene beskou word. Hy het nooit in sy beroep as polisieman ’n kans gekry om

mense in hegtenis te neem nie. Hy word deur sy kollegas in hegtenis geneem. Hy was nooit vry nie. Hy ontvang eers vryheid in die dood. Sy lewe lank was hy 'n gevangene binne homself sowel as binne die tronk van die Suid-Afrikaanse stelsel vanweë sy anderskleurigheid. Hy sê aan Craig Byron, die prokureur, in sy pleitbriefie:

*Ek word vir niks gestraf nie omdat ek 'n swartman is wat magteloos is om die boosdoeners voor die reg te daag want hulle is wit met al die magte. Ek dring daarom nederig by u aan om my penarie ernstig te oorweeg en die aansoek gunstig te steun (p. 239).*

### **2.15.1 Geweld in die verwyderde ruimtes**

Daar is buite die tronk en sy direkte ruimtelike omgewing ook die groter omringende ruimtes waarvan in die koerant en oor die radio gepraat word:

Daar is die Khotso-huis wat vernietig word (p. 271); Frank Chikane se huis in Soweto wat onder die bomme gestee is (p. 49) en 'n klopjag op Kaya Mandi, die swart dorp buite Stellenbosch en die gebeure in Sebokeng en Sharpeville. Op 'n verdere afstand is daar die verskrikkinge van die Namibië-oorlog (p. 271).

So word Tumelo John as slagoffer van geweld ook deel van 'n groter en universele geweldsruimte van sy land.

### **2.16 Rassediskriminasie as aanstigter van geweld**

Geweld, op alle vlakke, vind plaas binne die omraming van 'n bestel waar op swartmense neergesien word.

'n Mens kan 'n oomblik kyk na die *feitlike* situasie van Suid-Afrika se opset – wat nie eksplisiet in die teks vermeld word nie – maar wat tog geïmpliseer is:

*Wanneer ene Regter Van der Merwe die saak van die voormalige bevelvoerder van die moordbende van Vlakplaas verhoor, verwys hy na 'n “verrotte stelsel” wat die man toegelaat het “om misdade te pleeg en te verberg” (Beeld, 31 Oktober 1996).*

Die Suid-Afrikaanse stelsel het geen respek vir swartmense gehad nie. Myns insiens is dit ook verwoord in H.F. Verwoerd se opvatting in 'n teks onder die titel *The right to learn*. Volgens hom moes swartmense voorberei word vir beroepe met laer vergoeding as dié van die wit bevolkingsgroep. Dit was 'n rassistiese verklaring wat swartmense ondermyn het en geweld sou aanhits:

*If blacks have four years of schooling, then they can basically understand the language of their white employers. Meanwhile, schools have taught them suitable attitudes and values: For example, they have been taught to be punctual and obedient and polite* (Sached Raven, 1985:121).

Binne só 'n konteks sou die Krieks en die Van Niekerks eerbaar wees; hulle doen wat voorgeskryf is deur 'n vorige leier.

Tumelo John vertel vir Mabena dat Van Niekerk hom altyd met dié vuiste bydam,

*maar nie teenoor sy eie manne nie, daarmee gaan hy nie wegkom nie* (p. 117).

Hiermee wys Tumelo sy kollega op bestaande rassiediskriminasie. Nkosi probeer Tumelo John oorreed om die vorm te teken om sy bevelvoerende offisier (Engelbrecht) te gehoorsaam, maar Tumelo weier omdat hy wil hê geregtigheid moet geskied:

*Borea sou hom later vertel dat Engelbrecht die res van daardie dag getier en gevloek het oor die vermetele sersantjie wat hom so wit hou en almal – selfs vir Hoofkantoor – staan en rondfok ...* (p. 199).

As 'n swartmens egter “goeie” werk doen soos kolonel Molope, 'n swart Kriek, wat elf mense laat doodmaak en 200 beseer het, dan is dit so anders:

*... daardie kolonel Molope wil sy naam heel bo-aan laat skryf in die president se boekie en dalk sommer eendag die ou boekie oorneem, self name opskryf ...* (p. 226).

Tumelo John sê sy mediese rekords is so deurmekaar soos 'n Babelse verwarring. Die briefwisseling tussen prokureurs, hospitale, verskillende dokters, die kollege en senior polisie is nutteloos. Tumelo John het nie meer geld nie en die geraas in sy oor word al erger. Hy sê:

*As jy arm is en boonop swart, dan gaan die deur van die Reg nie  
sommer vir jou oop nie (p. 241).*

As die uitgewer die skrywer vra of hy dit nie moeilik vind om oor 'n swartman te skryf nie, antwoord die skrywer dat hy dit moeilik vind om oor homself te skryf, maar nie oor Tumelo John nie. Dit is vir die uitgewer moeilik om te begryp want die skrywer is 'n witman.

*Eintlik skryf ek Afrikaans vir die Afrikaanse leser ... Die leser moet alles  
van my kry alles behalwe die geweerskote (p. 245).*

Mabetha neem Tumelo John geboeid na die kantoorgebou; hy voer die bevel uit wat Kriek aan hom gegee het. Tumelo noem vir Mabetha

*... Kriek se witbroodjie (p. 261).*

Tumelo John wonder hoekom sommige negatiewe dinge net op swartmense van toepassing is, en nie op witmense nie:

*Hoekom is dit ons swartes wat altyd skuldig is? En wat het hy nogal  
gedoen? (p. 262). (reeds aangehaal)*

Kriek sê vir Tumelo John:

*"... Jy't te wit geraak my matie. Ek weet nie wat soek jy nog in die polisie  
nie" (p. 262).*

Die skrywer bring vir Huma 'n boekie van Fatima Meer, *The trial of Andrew Zondo*. Huma reageer skerp teenoor dié wat hy *gladdebekke-leiers* noem, hy verlang na 'n nugter organisasie wat mense se belange kan hanteer.

*'n Swartman het regte - ek is nie radikaal nie, hoor maar Moleko het my een ding geleer: 'n Swarte het nie regte as dit teen eiebelang van die witte gaan nie (p. 329-330).*

Op dieselfde bladsy sê die digter vir Tumelo John:

*Jy't seker vandag geles van die man wat in die parlement gesê het die witmense se gebiede en regte moet gewaarborg word? (p. 330).*

Die Askari's is 'n soort bende wat die polisiemag gebruik om swartmense, wat teen die regering is, om die lewe te bring. Tumelo John sê vir die Askari's:

*Die mag behoort julle Askari's beter te vergoed ... hulle doen dit nie self nie, hulle gebruik ons swartes om dit te doen (p. 335).*

## **2.17 Samevatting**

In *Kroniek uit die doofpot*, anders as in *Die verdwaalde land* en *Erfenis van die noodlot*, soos later aangedui, word geweld regstreeks uitgebeeld. Geweld kom voor as geestelike teistering, fisieke geweld en vloekwoorde wat eksplisiet weergegee word.

Die geweld wat in *Kroniek uit die doofpot* plaasvind, is gemik op Tumelo John Moleko, die hoofkarakter. Hy is 'n polisieman wat vir geregtigheid veg. Hy word deur sy senior offisier aangerand, wat sy doofheid veroorsaak. Hoe meer Tumelo John na geregtigheid smag vanweë die onreg wat aan hom gedoen is, hoe erger word die saak teen sy senior, Van Niekerk. Die houding van wit en swart polisie teenoor Tumelo is vyandig.

Geweld kom in *Kroniek uit die doofpot* in verskillende vorme voor, oppervlakkig sowel as dieperliggend, soos: geweld en dialoog, karaktername en geweld, die kleipot en geweld, geregtigheid en geweld, fisieke geweld, vuis en geweld, die kleur *rooi* en geweld, taalgeweld, raspejoratiewe geweld, die pers as opstoker van geweld, organisasies en die naam Mandela, gewelddadige ruimte en geweld teen Tumelo John as swartman, asook geweld tussen verskillende rasse.

Apartheid is volgens Miles en Phillips, die grootste oorsaak van geweld in die Suid-Afrikaanse situasie. Dit is deur die regering aangemoedig. Persone soos Van Niekerk voel dat hy meer gesag het oor sy kollega Tumelo John omdat hy deel is van die bevoorregte wit ras van Suid-Afrika. Die taal wat Van Niekerk teenoor Tumelo John gebruik, is gewelddadig. Woorde soos *kaffer* word herhaaldelik gebruik.

Tumelo John se rooi Mazda is 'n simbool: oral waar hy in dié motor ry, is daar teëspoed. Sy doofheid wat deur Van Niekerk se vuis veroorsaak is, word al erger. Hy drink aanhoudend *valiums* om die pyn te stop, maar dit is tevergeefs.

Die gewelddadige ruimte waarin Tumelo John hom dikwels bevind, naamlik die tronk en ander groter ruimtes, is vernederend. Hy beland telkens in en uit die tronk volgens sy wit seniors se diskresie en is derhalwe slagoffer van onregverdige arrestasies. Uiteindelik word hy en sy vrou Busisiwe deur sy kollegas vermoor, 'n grusame moord wat in die teenwoordigheid van hulle seun Tshidiso plaasgevind het.

Die naam Mandela was deur die Suid-Afrikaanse regering as gevaarlik beskou. Organisasies soos die ANC, PAC en UDF was die Suid-Afrikaanse regering se grootste vyande. As jy aan een van dié organisasies behoort, volgens Zondi, dan is dit bokveld toe met jou. Aktiviste soos Zondi van die UDF is voortdurend deur die Suid-Afrikaanse polisie geïntimideer. Hy was, net soos Tumelo John, telkens in en uit die tronk. Geweld was aan die orde van die dag sedert 1976 se opstande toe Soweto letterlik en figuurglik aan die brand was. Voertuie, huise, skole en kerke is deur jeugdiges uit- en afgebrand. Massa-arrestasies het daaglik plaasgevind.

*Kroniek uit die doofpot* is inderdaad 'n kroniek van geweld waarin onreg en eksplisiete mishandeling op alle vlakke ten opsigte van personasies en ruimtes die botoon voer.

## HOOFSTUK 3

### GEWELD IN DIE VERDWAALDE LAND

#### 3.1 Inleidend

In dié hoofstuk word fokalisasie op dieselfde wyse bestudeer as in hoofstuk 2. Verskille tussen fokalisasie in *Kroniek uit die doofpot* en *Die verdwaalde land* word aangetoon.

In *Kroniek uit die doofpot* is in 'n sterk betogende aanvallende en dramatiese trant geskryf met sterk dialoog. In *Die verdwaalde land* is die vertelling en verteller meer gelate met relatief minder dialoog. Dit lei daartoe dat die uitbeelding van brute geweld in laasgenoemde teks afwesig is. Tog kan 'n mens ondanks verskille die hoofpunte wat in die vorige hoofstuk gebruik is, volg.

#### 3.2 Fokalisasie en fokaliseerders

In *Die verdwaalde land* is die persoon wat vertel 'n verdoeselde ek-verteller. Dit kom voor asof Abraham Phillips, die werklike skrywer, self aan die woord is. Hy sê naamlik in die brief aan André P. Brink, wat deel van die voorwoord en deel van die teks vorm, dat alles wat volg sy eie geskiedenis is. Hy praat van dinge wat hy weet en wat hy gesien het. In die brief aan Brink, sê hy die volgende wat belangrik is betreffende die fokalisasieproses:

*Die karakter Ronnie wat in die verhaal voorkom en die skrywer van hierdie brief en verhaal is een en dieselfde persoon dit is 'n ware verhaal en geen fiksie (sic) nie. Die behandeling van die bruin gemeenskap in die storie is werklik soos Ronnie wat ook die skrywer se derde naam is dit geondervind en mee saam gelewe het. Behalwe vir die van Mejavie is al die karakters hul eie name.*

Phillips is as werklike skrywer eintlik 'n eksterne fokalisator wat vir Ronnie as interne fokalisator gebruik.

Die verhaal word vanuit 'n "agterna"-perspektief vertel. Daarom is die vertelling hoofsaaklik in die verlede tyd. Die hoofgebeure, die gewelddadige dood van Selula en alles wat daarmee gepaard gaan, het reeds plaasgevind.

Phillips skryf die verhaal in 'n soort bewussynstroomvorm met weinig dialoog. Volgens Ben Kotze skryf hy:

*nie vanuit 'n winsmotief nie, net maar om sy storie te vertel (Die Kerkbode, 1993:07:02).*

### **3.3 Uitbeelding van geweld**

Die geweld in *Die verdwaalde land* is nie, soos in *Kroniek uit die doofpot*, direkte geweld nie. In die meeste gevalle is daar sprake van emosionele reaksies op geweld. Die emosionele reaksies word *beklemtoon* deur onderbeklemtoning. Die geweld word nooit eksplisiet uitgebeeld nie. Daar is eerder sprake van verbittering by Ronnie, 'n verlies aan geloof in die mensheid, omdat niemand of niks hom kan help om sy broer Selula op te spoor nie. Net daaroor het hulle 'n skoleboikot aanvaarbaar gevind, hoewel so iets dikwels 'n uiting van geweld teen die samelewing was:

*Ronnie en mamma was ook verbitter omdat, hoewel hulle gekant was teen die skoleboikot, hulle gevoel het dat hier nou 'n geldige geleertheid was om die Mejavie-familie te help om 'n massiewe boikot te begin om die land se aandag op Selula se geval te vestig (p. 59).*

#### **3.3.1 Die woord apartheid, sinoniem met geweld**

Die woord *apartheid* impliseer geweld, soos Ronnie dit toegepas sien word in die Suid-Afrikaanse situasie. Apartheid het rassessekiding, onderdrukking en haat onder mense van verskillende rasse veroorsaak. Hartseer sê Ronnie:

*Mamma het my baie van die Here en sy dade geleer, daarom glo ek dat hierdie ding wat julle apartheid noem, ook gaan end, soos mamma my self geleer het dat die Here ongeregtheid nooit sal laat voortduur nie (p. 22).*

Ronnie het geleer om hard te werk en sy lot te aanvaar, by die werk en tuis. Hy besef dat die bruinmense se lewens sinneloos was:

*Omdat dit so was, het Ronnie gesien hoe apartheid die bruinmense se lewe verwoes. Die huise was klein en swak (p. 22).*

Ronnie is jammer dat hulle na die polisie gegaan het omdat die polisie hulle geensins kon help nie. Daar word geen moeite gedoen om Selula te soek nie. Dit is, volgens Ronnie, alles apartheid se skuld:

*Omdat hulle sulke gelowige mense was, het die Mejavie-familie nie in hul wildste drome kon dink dat apartheid so diep kon sny en selfs die polisie so diep kon aantast, dat die ongelooflikste hartseer hulle nie 'n duim geskeel het nie (p. 49).*

Ronnie glo dat dit die witmense is wat apartheid *uitgedeel* het, en nie God nie. Die bruinmense het dit ook onder mekaar toegepas:

*Ja apartheid het net so onder bruinmense gewoed as wat die witmense dit uitgedeel het (p. 30).*

Volgens Ronnie is apartheid sonde, dit moet vir dié wat in beheer is duidelik gemaak word dat die mense dit nie langer sal verduur nie:

*Want net soos apartheid sonde was, net so is dit sonde om 'n verkeerde ding met 'n ander euwel te vervang (p. 69).*

Die wit opposisie wat die regering teengestaan het, naamlik die kerke, koerante en ander teenstanders, sê Ronnie, het hulle stemme laat hoor deur te sê:

*“Kyk wat maak apartheid! Kyk hoe swaar kry die mense.” Dis dieselfde mense en organisasies wat anderpad gekyk het. Hulle was te bang vir hul eie posisies en wat aan hulle gedoen kon word (p. 34).*

Die kleur van 'n mens se vel het bepaal of jy bevoorreg is of nie. Ronnie sê dat mense

*... wat die storie lees, nie aanstoot moet neem omdat hy die mense kwalifiseer as bruin, swart en wit nie, omdat kleur ongelukkig die geskiedenis van die land bepaal (p. 69).*

Die woord *apartheid* het bruinmense verbitter; Ronnie en mamma kon self nie verstaan hoekom die stelsel so blind is nie:

*... dat dit nie net die hele samelewing aangetas het nie, maar ook mense gedryf het om alle soorte dade wat onder die stelsel van apartheid gepleeg is, te verdoesel (p. 48).*

### **3.3.2 Polisie en die verbintenis met geweld**

Polisiebetrokkenheid hou vir Abraham Phillips aan die woord. Hoe meer Ronnie soek, hoe meer raak die polisie *betrokke* in die soektog of op soek na *hulself*.

Steve Biko, in *The Inquest* (1979:9), een van die swart aktiviste wat ook “deur die Suid-Afrikaanse polisie vermoor is” se siening in verband met vrees vir die polisie is:

*The philosophy behind police action in this country seems to be; harass them! And one needs to add that they interpret the word in a very extravagant sense. It sometimes looks obvious here that the great plan is to keep the Black people thoroughly intimidated and to perpetuate the super race image of the white man, if not intellectually, at least in terms of force. White people, working through vanguard - the South African Police - have come to realise the golden maxim - if you cannot make a man respect you, then make him fear you.*

Phillips se manier van skryf gee ’n nuwe dimensie aan die literatuur. Nêrens in die teks stel Phillips die polisie aan die woord nie. Daar word net van polisiemanne gepraat:

*Ronnie was van mening dat die speurder gedink het hulle lieg en net die polisie in ’n slegte lig wou stel (p. 55).*

Volgens Abraham Phillips is die bruin polisiemanne baie negatief teenoor hulle eie gemeenskap:

*Die bruin polisiemanne was aan die voerpunt om hardhandige behandeling of straf uit te deel (p. 30).*

In *Kroniek uit die doofpot* word na kolonel Molope en ander verwys wat op dieselfde wyse teenoor hulle eie mense gewelddadig optree.

Vir Abraham Phillips was dit onmenslik en pynlik om te sien hoe die polisie hulle mense vertrap en op hulle neergesien of hulle ondermyn het:

*Dit was hartverskeurend omdat die witmense dit amptelik gedoen het, maar die sogenaamde welgestelde bruinmense en bruin staatsamptenare soos die polisie, baie van die bruin gemeenskap vertrap en op hulle neergesien het (p. 23).*

Ná die inligting wat Ronnie van Olifant kry, gaan hy na die polisiestasie om hulle te oortuig dat daar 'n ooggetuie is wat gesien het dat die polisie vir Selula vlak voor die deur opgelaai het. Die polisieman was goed bekend aan Olifant, hulle het hom *koppie* genoem. Ten spyte van bewyse soos dié, was daar geen vordering met die saak nie. Die Mejavie-familie was so teleurgesteld dat hulle

*nie in hul wildste drome kon dink dat apartheid so diep kon sny en selfs die polisie so kon aantas, dat die ongelooflikste hartseer hulle nie 'n duit geskeel het nie (p. 49).*

Die stelsel het die polisiemanne so verblind omdat dit hulle beskerm het, dat hulle nie eens kon vermoed wat met Selula kon gebeur het nie. Dit is moeilik om 'n klag teen die polisie te lê:

*Ronnie het nou ook eerstehands gesien dat dit 'n onbegonne taak was om 'n klag teen 'n polisieman te laat ondersoek (p. 53).*

Soos in sommige gevalle aan die huidige waarheidskommissie blootgelê is, het hartverskeurende gebeure in die vroeëre apartheids-era plaasgevind byvoorbeeld

moorde wat deur die polisie gepleeg is. Dit stem grootliks ooreen met al dié dinge wat Abraham Phillips beleef het.

*Die grootste probleem wat in die stelsel ingebou was, is dat daar geen ander organisasie was by wie jy 'n klagte teen 'n polisieman kan gaan lê nie, of laat ondersoek (p. 53).*

Volgens die verteller veroorsaak die houding van die polisie teenoor mense geweldige rass spanning sowel as rass skeiding:

*Die uiteinde was dat die bruin mense die polisie al hoe meer as hul vyand beskou het in plaas van hul beskermeling (p. 64).*

Die Mejavies het iemand gekry wat bereid was om die waarheid te vertel: dié keer 'n bosslaper, maar die prokureur is verbied om dié getuie nis te gebruik:

*Hy het getuig dat die polisieman eenkeer dertien dronk mense by dieselfde rivier gaan aflaai het (p. 62).*

Ronnie kon nie die prokureurs se fooie bekostig nie, daarom het hy na die Legal Resources Centre in Kaapstad vir hulp gegaan. Dit het ook niks gehelp in die soektog na sy broer Selula nie. Gevolglik is Ronnie emosioneel afgetakel; hy moes psigiese geweld verduur.

### **3.3.3 Geregtigheid, onreg en geweld**

Ronnie glo en hoop dat geregtigheid eendag sal geskied, hy sê dat die

*Here ongeregtigheid nooit sal laat voortduur nie (p. 22).*

Dis naamlik deur onreg wat geweld teenoor mense ontstaan. Later konfron teer Ronnie die polisie en is hy trots op homself:

*Omdat hy die moed gehad het om te staan en te veg vir die waarheid en geregtigheid (p. 52).*

Hy is 'n gelowige mens maar hy wonder waarom sit die Here nie 'n stop aan ongeregtigheid wat die land jaar uit en jaar in teister nie (p. 53). Hy vra homself af:

*Is daar werklik 'n God in die hemel? (p. 52).*

Ronnie se ma verlang na geregtigheid:

*Mamma het keer op keer gesê sy soek nie wraak nie, maar sy wil so graag reg en geregtigheid in hierdie land sien (p. 64).*

Abraham Phillips gebruik die twee woorde, *geregtigheid* en sy teenoorgestelde, *ongeregtigheid*, afwisselend deur die teks. Ronnie wonder of daar werklik 'n God in die hemel is:

*As dit so was, het hy gedink, waarom sit Hy nie 'n stop aan al die ongeregtigheid wat die land jaar uit en jaar in teister nie? (p. 53).*

### **3.3.4 Raspejoratiewe**

Pejoratiewe wat met ras te doen het, tas die menslike waardigheid, soos verwys in hoofstuk 2, aan. Van Heerden (1987:97-98) meen dat:

*... die raspejoratief as benoemingswoord waar benoemingshandeling normaal referensieel is, ... ook 'n effektiewe waarde [het] en ... op sy ergste 'n vorm van linguale geweld [is] ...*

In *Die verdwaalde land*, anders as in *Kroniek uit die doofpot*, word raspejoratiewe nie regstreeks gebruik nie. Daar word verwys na 'n baas-bruinmanverhouding, maar nêrens word in direkte dialoog raspejoratiewe gebruik soos in *Kroniek uit die doofpot* nie.

Die negatiewe verhouding tussen wit- en bruinmense is prominent. Volgens Phillips is die wit polisiërmense in magposisies of in beheer. Die woord *baas* wys dat die bruinmense 'n minderwaardige mens is, maar bruinmense het mekaar ook ondermyn:

*Bruinmense het mekaar ondermyn om die baas se guns te wen en waar daar 'n bruin voorman was, was hy erger as die baas self (p. 29-30).*

Ronnie, 'n geloofwaardige man, glo dat die rasseprobleem eendag tot 'n einde sal kom. Die omstandighede waarin hy homself bevind, verplig hom om woorde soos bruin, swart en wit in sy tekste te gebruik.

Bruin polisiemanne het streng teenoor hulle eie mense opgetree. Ronnie suggereer dat dit die witmense is wat dit so *uitgedeel* het (vergelyk 3.3.2 hierbo):

*Die bruin polisiemanne was aan die voorpunt om hardhandige behandeling of straf uit te deel (p. 30). (my kursivering)*

Die polisie kon met alles weggom, omdat hulle in magposisies is. Die bruinmense het nie daarop vertrou dat die polisie hulle kon beskerm nie, maar het hulle as vyande beskou; wit asook bruin polisiemanne:

*Die uiteinde was dat die bruinmense die polisie al hoe meer as hul vyand beskou het in plaas van hul skerming (p. 64).*

### **3.3.5 Mamma se droom en geweld**

Sels in haar drome word geweld gesuggereer, wanneer die moeder 'n visioen van Selula se gewelddadige dood kry.

As fokalisator gee mamma se droom aan hulle die hoop dat haar seun se lyk iewers in 'n gat in die rivier is. Net soos in haar droom is hy in 'n gat in die rivier gevind. Die droom laat die soektog na Selula Mejavie voortduur:

*En toe na baie gebede het 'n wonderwerk gebeur. Aan die begin van Augustusmaand van 1988 het mamma 'n droom gehad dat Selula na haar toe kom en sê dat twee polisiemanne hom in 'n gat in die rivier gegooi het (p. 55).*

Na die droom was mamma en Ronnie seker dat Selula iewers dood lê, soos haar droom te kenne gegee het. Ronnie begin soek, die droom laat hom na die polisie gaan, en hulle begin ook soek. Mamma glo in haar droom; vir haar was dit 'n boodskap of voorspelling wat aan haar gebring is. Dit gee haar hoop dat haar seun se lyk iewers gevind sal word:

*Ronnie was van mening dat die speurder gedink het hulle lieg en net die polisie in 'n slegte lig wou stel (p. 55).*

Mamma se droom dat Selula na haar gekom het, was 'n wonderteken. Dit gebeur in Augustus 1988, weer eens 'n maand wat baie onstuimig is vanweë winde en storms. Mamma droom dat Selula na haar toe kom en sê dat

*... twee polisiemanne hom in 'n gat in die rivier naby Scherpenheuvel gegooi het en dat hy nog steeds daarin lê en dat mamma hom asseblief daaruit moet laat haal (p. 55).*

Die gat kan na sy donker graf verwys of kan daarop dui dat hy dood is. Dié droom verwys moontlik ook na fisiese geweld wat kon plaasgevind het.

### **3.3.6 Geweld deur sterk drank, dobbelpoele en daggarook**

Ronnie vertel dat Selula se drankprobleem so ernstig geraak het dat hy begin vuil loop het. Hy het by sy meisie se mense geslaap:

*die ergste was dat hy en die meisie soos kat en hond baklei het (p. 27).*

Oor homself sê Ronnie dat hy na vier jaar drie kinders gehad het. Hy het toe ook begin drink en dobbel. Die kinders het nie skool gegaan nie, want hulle ouers kon nie skoolbehoefte koop nie vanweë hulle ouers se armoede:

*'n Baie groot euwel onder die bruinmense, naamlik dronkenskap, het ook die kinders ingesuig. Omdat hulle ledig was, het daggarook ook 'n groot probleem begin word. Met misdaad wat outomaties toegeneem het, was die bruin kinders se lot reeds vroeg besin. Dit het die bruin gemeenskap totaal verlam (p. 23). (my kursivering)*

Mamma en Selula het elke week rusie gemaak omdat hy baie gedrink het:

*'n Verwydering het tussen Ronnie en Selula ontstaan omdat hy so gedrink het en glo nie werk kon kry nie (p. 25).*

Later drink Ronnie en sy meisie ook. Vir hom en Selula was dronkenskap

*'n onbegonne taak om daaruit te probeer losbreek. Dit het gevoel om nugter te wees, vererger jy net die lewe, maar om dronk te wees en te vergeet, was soos manna uit die hemel (p. 32).*

Selula het nooit uitgeslaap nie, behalwe wanneer hy vir dronkenskap tronk toe geneem is:

*... mamma het geweet dat hy vir dronkenskap opgesluit was. Ook Ronnie het al hoe erger gedrink (p. 33).*

Ná Selula se verdwyning het 'n voormalige polisieman wat die familie goed geken het, na vore gekom. Hy vertel dat hy soms saam met die polisie wat vir Selula opgelaai het, gery het.

### **3.3.7 Gewelddadige ruimte**

In altwee Abraham Phillips se tekste speel die tronk 'n belangrike rol. Geen mens hou van die tronklewe nie, dit is vernederend. Dit is in die tronk waar gevangenes mekaar soms vermoor. Die hok waarin Karel en Omers by Moos bly, kan ook as 'n tronk beskou word, wat moontlik hulle inhegtenisneming voorspel het. Die omstandighede waaronder hulle leef is ontoereikend vir 'n normale persoon, en kon ook bygedra het tot hulle roekelose leefwyse. Swaarkry laat sommige mense vlug van die werklikheid deur te begin *dagga rook, dobbel* en *drink* soos in albei verhale gebeur het. Die tronk kan mense se lewens eis soos dié van Selula in *Die verdwaalde land* (reeds aangehaal):

*... die bruin polisiemanne was aan die voerpunt om hardhandige behandeling of straf uit te deel (p. 30).*

Alhoewel Ronnie later kwaai begin drink het soos sy broer, eindig hy nie in die tronk soos Selula nie; hy bring weekliks sy geld na pappa. Vanweë werkloosheid het Selula begin steel:

*Die lewe het troosteloos voortgegaan. Ronnie en Selula het kwaai gedrink. Ronnie het voortgegaan om weekliks sy geld vir pappa te bring, maar Selula was tronk in en tronk uit vir steel (p. 31). (reeds aangehaal)*

As hy (Selula) nie by die huis slaap nie weet mamma dat

*hy vir dronkenskap opgesluit was (p. 33).*

Die Mejavies het 'n bosslaper gekry wat bereid was om te getuig dat die polisie vir Selula opgelaai het. Hy vertel ook van 'n insident wat hy tevore gesien het:

*Hy getuig dat die polisieman eenkeer dertien dronk mense by dieselfde rivier gaan aflaai het (p. 62).*

Hy is later deur die polisie as 'n leuenaar gebrandmerk.

As Ronnie aan die polisie dink, is dit vir hom sinoniem met apartheid. Hy sê hoe bruinmense se regte vertrap is deur diegene wat apartheid ondersteun:

*Dis hoekom Ronnie in sy latere lewe mense wat op die apartheidwa spring en nou ewe skielik elke witmens verpes, verfoei het (p. 23).*

Ronnie beskryf apartheid as 'n gewelddadige voertuig wat teen die bruin gemeenskap gebruik word – 'n opvallende kenmerk van die leefruimte waarin Ronnie hom bevind:

*Skielik het 'n polisievangwa by Selula wat nou voor die huis was, stilgehou (p. 47).*

Die woorde is deur Olifant aan Ronnie en mamma gesê. Hy het gesien toe die polisie vir Selula vlak voor die deur oplaai. Hy het mamma op die 16de Junie oor Selula se verdwyning kom inlig. Dit is opvallend dat die datum ooreenstem met dié van die groot opstand in Soweto in 1976, wat baie mense se lewens geëis het. Moontlik was dit 'n voorspelling van Selula se dood. Die vangwa waarvan Olifant praat, is 'n ongunstige, donker ruimte.

In sy boodskap aan almal wat uitsien na die nuwe Suid-Afrika sê Ronnie dat dit die Here se wonderwerk is dat 'n man betyds gestuur is om dié verdwaalde land te bewaar. Die titel van die boek dui ook op 'n ruimte, naamlik die land waarin geweld jaar in en jaar uit hoogty vier. Tog kan gevra word, hoe kan die land verdwaal? Die “verdwaal” kan dui op die Suid-Afrikaanse regering wat wreed opgetree het teenoor swart/bruinmense. Dié regering was van koers af, en dit moet noodwendig tot 'n einde kom:

*Hy het onmiddellik die regte ding gedoen deur 'n swartleier wat amper sy lewe verloor het en daarna 28 jaar in die gevangenis was vir sy stryd teen apartheid, vry te laat (p. 66).*

Hy (Phillips) gaan verder en sê:

*... die Here het die swartleier van die galgtou gespaar. Hy het hom 28 jaar in die gevangenis bewaar en hom gesond daar laat uitkom (p. 66).*

Die galgtou waarvan Ronnie praat kan verwys na Golgota uit die Bybel toe Christus gekruisig is: 'n gewelddadige ruimte wat baie pynlik, onmenslik, vernederend en minagtend was, net soos 'n tronk.

### **3.4 Samevatting**

Geweld word nie regstreeks in *Die verdwaalde land* uitgebeeld nie, in teenstelling met *Kroniek uit die doofpot* waar geestelike teistering, fisieke geweld en vloekwoorde eksplisiet na vore kom en uitgebeeld word.

In *Die verdwaalde land* is daar eintlik net suggesties van geweld: Selula het gewelddadig gesterf, maar nêrens word dit eksplisiet gesê nie. 'n Voorbeeld van die onregstreekse of implisiete uitbeelding is mamma se droom wat verwys na die twee polisiemanne wat hom in 'n gat in die rivier naby Scherpenheuvel sou gegooi het. Maar die gewelddadige daad word in 'n droom *verpak* en sodoende in 'n waas gehul.

Baie dinge word geskets met die implikasie dat dit aanleiding kon gee tot geweld in *woord* en *daad*. Let op die implikasie van apartheid onder bruinmense: geweld van

bruin-tot-bruin, die houding van die polisie wat toenemend vyandig geraak het en sodoende konflik en geweld eerder aangewakker as opgelos het.

Juis vanweë die feit dat alles in 'n bewussynstroom meegedeel word, is daar weinig direkte raspejoratiewe. Inteendeel, dit word net gesuggereer. Daar is nêrens direkte uitings soos in *Kroniek uit die doofpot* nie.

In *Die verdwaalde land* het ons gevolglik met 'n proses van onderbeklemtoning te doen. Die effek van onderbeklemtoning of die sogenaamde *understatement* is juis dat meer gesê word. Die uitwerking van apartheid word juis deur die “gedempte” mededeling skrynender en tragieser.

## HOOFSTUK 4

### GEWELD IN *ERFENIS VAN DIE NOODLOT*

#### 4.1 Inleidend

Geweld kom nie regstreeks voor in *Erfenis van die noodlot* nie. Dit word eerder gesuggereer. In hierdie hoofstuk word opnuut geweldsaspekte ondersoek volgens die patroon wat in die vorige hoofstuk gevolg is. Het die Suid-Afrikaanse regering werklik tussen wit en swart/bruinmense gediskrimineer? Was daar rassesseiding? Watter rol het die polisie gespeel? Word raspejoratiewe woorde aangetref? Is daar ander dinge benewens die regering wat bygedra het tot geweld?

In hierdie hoofstuk word daarop gewys dat die leser meer emosioneel betrek word. Die besprekingspatroon van die vorige hoofstukke word ook in die hoofstuk gevolg.

#### 4.2 Fokalisasie en fokaliseerders

*Erfenis van die noodlot* verskyn in 1993, kort na die *Die verdwaalde land*. Deur die oë van 'n jongmeisie, Saartjie, leer ons die lief en leed van Biesiesvlei se mense ken. Sy is 'n interne fokaliseerder in dié teks, wat haar eie siening van sake gee en haarself met die mense van Potestraat identifiseer. Die noodlot waarvan Saartjie dwarsdeur die teks praat, beïnvloed haar om uit die soort lewe te wil ontsnap. Sy wil gelukkig voel, daarom sê sy vir haar oupa toe Karel en Omers die eerste dag by hulle aanklop:

*Hoe meer siele, hoe meer vreugde, oupa, as hulle in die hok bly, kan hulle sommer ogie oor ons hou (p. 12).*

Soos in *Die verdwaalde land* is Phillips 'n eksterne fokaliseerder. As die alwetende verteller, kyk hy terug op gebeure waarby hy betrokke was.

*Die eksterne fokaliseerder is nie onpersoonlik nie, hy kyk meestal terug op gebeure waarby hy betrokke was (Cloete, 1985:12).*

Saartjie is in die geval verbonde aan haar oupa, ouma, Karel, Omers en oubaas Jamie. Sy is gevolglik vertellergebonde aan een of meer persone (karakters). In 'n lesing gelewer op 10 April 1996 sê Abraham Phillips die volgende oor dié soort karakter:

*Dit was vir my maklik om die karakter Saartjie voor te stel omdat ek my eie dogter se voorbeeld gebruik het, waar die omstandighede van drankmisbruik, diefstal en geweld geensins van die vyftigerjare verander het nie, ook in die Messiasbende het ek van die jong dogters in die woonstelle as voorbeeld gebruik (p. 4).*

In *Erfenis van die noodlot* is dit die alwetende verteller wat vir die leser inligting gee. Deur hom word die karakters gekarakteriseer. Die alwetende verteller gee in die aanhef blyke van sy alwetendheid.

*Toe die klop aan die voordeur wegsterf, het sy, waar sy besig was om skottelgoed te was, nie in haar wildste drome kon dink dat daardie klop haar lewe dramaties gaan beïnvloed en bepaal nie (p. 7).*

Die Saartjie-verteller is 14 jaar oud, sy hou van vreugde maar kan dit nooit bereik nie. Sy is bekommerd en ontsteld oor die moord op haar enigste wit vriend en oor die bruinmans wat in hulle *yard* woon. Die twee bruinmans, Karel en Omers, het vermoedelik oubaas Jamie, Saartjie se wit vriend, vermoor.

#### **4.3 Uitbeelding van geweld**

In *Erfenis van die noodlot* word geweld nie fisies uitgebeeld nie, maar daar is woorde en insidente wat geweld suggereer: die dood van oubaas Jamie, rasseskeiding wat gedurende daardie era plaasgevind het, die polisie wat met geweld verbind word, en selfs die woord *noodlot* is geweldgebonde.

Die geweld wat in dié verhaal voorkom, gee aan die leser te kenne dat die geweld wat in Biesiesvlei plaasgevind het, veroorsaak is deur werkloosheid en losbandigheid; dit is nie bloot polities gemotiveerd soos in *Kroniek uit die doofpot*

nie. Dit gebeur by dobbelpoele waar die bruinmense onder mekaar baklei. In sy eie woorde stel Abraham Phillips dit so voor:

*Groot hartseer oor 'n geliefde het môre net plek gemaak vir uitbundige gelag en singery na 'n groot baklei op 'n dobbelpoel. Ja daar was hartseer op Biesiesvlei, moord was dikwels gepleeg deur mense wat nog die vorige dag saam gelag of saam gedobbel het (p. 42). (my kursivering)*

#### **4.3.1 Rassisme/apartheid en geweld**

Die regering van die vorige bedeling het vroeër mense volgens etniese groepering apart laat woon. Bruin-, swart- en witmense kon nie saam leef nie. Rasseskeiding kon met ander woorde as apartheid beskou word; witmense was bevoorreg maar swart/bruinmense nie. Daar was ook diskriminasie tussen bruin- en swartmense; bruinmense het verteenwoordigers in die parlement gehad maar swartmense nie. Terwyl Saartjie dorp toe stap met haar ouma, na dié dorp toe wat net vir bruinmense bedoel is, besef hulle

*Om dorp toe te gaan het net beteken tot in Durbanstraat, want dit was simbolies gesproke die afsnypunt van die bruin en die swart gemeenskappe (p. 21).*

Abraham Phillips het die situasie van ongeregtheid en apartheid beleef en oorleef. Hy is meer emosioneel as fisies aangetas, hy reageer op die onregverdigheid van dié sisteem, hy pleit om en verlang na geregtigheid. Saartjie is reeds middeljarig, en haar vrae was baie moeilik beantwoordbaar deur haar ouma of oupa:

*As daar hoërskole in Biesiesvlei was, sou ek verder geleer het? Hoekom was daar geen hoërskole in Biesiesvlei nie, maar nou is daar drie? Hoekom was die mense so eenvoudig en verarm? En hoekom het die dinge so verkeerd geloop, soos die uithaal in 1955 van die swartmense uit die gemeenskap en die verskuif van dele van die bruinmense na ander woonbuurtes? (p. 44-45).*

Die soort vrae is sterk emosioneel, en dui daarop dat die regering rasse volgens etniese groepering geskei het. Mahatma Gandhi beweer dat baie mense swaar lewe onder die Suid-Afrikaanse regering vanweë die kleur van hulle velle:

*Millions of people are insulted and humiliated and oppressed and denied their simplest human dignity simply because their skin colour is less etiolated than that of an oppressor who has lived under a moral wheelbarrow for too long* (Brink, 1983:54-55).

Stecko verkry die aandag van sy luisteraars waar hulle om die vuurpot sit en gesels toe hy vertel van die bobbejane en die naamborde in die bosse waarop geskryf staan

*Europeans only, en non Europeans* (p. 35).

Die soort simboliese kennisgewings het in die ou Suid-Afrika voorgekom. Dit is waarmee swart/bruinmense moes saamleef gedurende daardie tydperk. Al dié dinge het Saartjie laat besef dat mense van verskillende rasse nie kan saam leef nie:

*Ook het sy op daardie brose ouderdom besef dat alles wat nie wit is nie beslis ook nie swart was nie* (p. 31).

Swart- en bruinmense se skeiding van wittes het Saartjie bekommer. Toe die swartmense moes trek op *Easter Monday*, kon sy nie verstaan hoekom dit so dringend was nie, nogal op 'n vakansiedag. Tog het sy haar ouma hieroor uitgevra, omdat sy gevrees het sy sal nooit weer haar swart vriende sien nie:

*Al wat ek weet, Saartjie, is dat die Goewerment besluit het die witmense moet bo in die dorp bly, ons hier onder en die swartmense eenkant buite die dorp* (p. 54).

#### **4.3.2 Die polisie en verbintenis met geweld**

Viljoen, die polisieman, is in hierdie verhaal 'n fokalisator wat die wit gemeenskap verteenwoordig. Hy kom na vore net wanneer daar 'n probleem in Biesiesvlei is. Wanneer hy die plek binne stap, word die atmosfeer neerdrukkend:

*Skielik het Viljoen die boeie uitgehaal (p. 71).*

In die brief wat Karel en Omers aan Saartjie skryf sê Omers:

*En toe Viljoen uiteindelik op ons spoor kom, was dit vir ons albei 'n verligting (p. 122).*

Viljoen is die enigste polisieman wie se naam voorkom. Die mense van Potestraat ken hom baie goed met sy *saaikar*. Die ander polisiemanne se name is nooit in dié verhaal sowel as in *Die verdwaalde land* deur die verteller genoem nie.

Ná oubaas Jamie se dood is Potestraat se mense ondervra. Speurders is vanaf Kaapstad gestuur om die moord te ondersoek. Daar is 'n beloning van duisend rand uitgelooft aan enige persoon wat die moordenaars van oubaas Jamie sou kon uitwys. Die saak het prominente aandag geniet:

*Toe die winter van daardie jaar aanbreek, was die moord op die oubaas nog onopgelos. Daar is speurders vanaf Kaapstad ingebring om te kom help met die ondersoek, maar sonder enige sukses (p. 103).*

Alles binne die vermoë van die polisie is gedoen om die misdadigers vas te trek. Karel en Omers word later gevang. Toe die polisie een aand aan die deur klop en Saartjie vra wie dit is, is die antwoord:

*Maak oop, dis die polisie, het 'n man bars aan die ander kant van die deur geantwoord (p. 106).*

Die klop was gewelddadig en dit het Saartjie baie bang gemaak. Sy het haar oupa gaan roep. Dit dui daarop dat die polisie slapelose nagte gehad het vanweë die dood van die witman, oubaas Jamie. Viljoen vra Moos Steenberg om hom na Karel en Omers se hok te vergesel:

*Die uitdrukking in Viljoen se oë was van so 'n aard dat dit duidelik was dat hy nie gekom het om oor koetjies en kalfies met Karel en Omers te gesels nie (p. 107-108).*

### 4.3.3 Noodlot en geweld

Die woord *noodlot* in die verhaal dui daarop dat Saartjie alles in die samelewing van Biesiesvlei se mense beslissend vind; sy probeer om uit dié soort lewe weg te breek deur Karel en Omers te help, maar alles is tevergeefs:

*Is ek nie miskien 'n vrywillige slagoffer van die noodlot nie?* (p. 87).

Die woord *noodlot*, reeds aangedui in die titel, verwys na die opvatting waarvolgens 'n mens se lot deur 'n onbeheerbare mag bestuur word - *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (p. 643). Dwarsdeur die verhaal word die woord “noodlot” aan Saartjie gekoppel:

*Ja, oubaas Jamie het ook stadig maar seker deel van Saartjie se omstandighede geword, deel van 'n noodlot wat nie hy of sy kon voorsien nie* (p. 75).

Die *noodlot* waarvan Saartjie praat in *Erfenis van die noodlot*, is 'n verwysing na die geweld. Die woord self suggereer dat bruinmense deur die Suid-Afrikaanse regering onderdruk was. Sy is hulpeloos, sonder mag of krag, daarom noem sy haarself 'n slagoffer. Vergelyk byvoorbeeld die volgende aanhalings:

*Of was dit maar net omstandighede van die noodlot? Indien wel, watter noodlot?* (p. 31).

*Hulle was deel van haar kinderjare, deel van haar jeugjare en deel van haar erfenis van die noodlot* (p. 40).

*Of was omstandighede van haar tyd verantwoordelik vir haar erfenis van die noodlot* (p. 45).

*Ag Saartjie, die noodlot het 'n manier om wrede speletjies met 'n mens te speel* (p. 117).

*Is dit dat daardie klop aan ons deur, op 14 Mei 1954, die gang van my lewe bepaal het en 'n inherente deel gevorm het van my erfenis van die noodlot* (p. 122).

#### 4.3.4 Raspejoratief as geweldkode

Raspejoratief, soos in 'n vorige hoofstuk betreffende *Kroniek uit die doofpot* bespreek, is die ondermyning deur witmense van swart/bruinmense en ander om deur woorde of name te gebruik wat aandui dat verskillende rasse geen respek vir mekaar het nie. In hierdie teks het dit te doen met die ondermyning van bruinmense. Die woord *baas* volgens die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*:

*... is 'n naam vir witman teenoor Bantoe, voorman, hoof, eienaar, besitter, werkgewer, beskikker, beheerder (p. 64).*

Nadat Moos se hok vol hoenders gesteel is, kom Viljoen, die speurder, om die saak te ondersoek. Hy vra vir Moos of hy die hoendervere herken en die ou man sê:

*Ja Baas, dit is my hoenders se vere (p. 80).*

Nadat Viljoen weg is, skud Saartjie haar kop as sy aan al die byname in Potestraat dink. Kleur kon 'n rol gespeel het, sy weet nie, maar wat sy wel opgemerk het, was dat as jy baie lig van kleur was, het hulle jou *Whytie* of *Boere* genoem. Die bruinmense, volgens Saartjie, het ook witmense ondermyn; die woord *boer*, *net soos baas kan ook as raspejoratief beskou word*. Saartjie gaan verder deur te sê dat mense binne die bruin gemeenskap wat donker van kleur was, byname soos *kaffer Skêr*, *Daantjie kaffer*, *Blackie* en *Nugget* genoem is (p. 81). Volgens haar waarneming is die kleur bruin met die woord *kaffer* geassosieer, maar

*... as jy baie lig van kleur was, het hulle jou Whytie of Boere genoem (p. 81).*

Saartjie het agtergekom dat Viljoen nooit mense volgens hulle geboortename gesoek het nie; dit het haar opgeval dat dit die mense nie gehinder het nie, maar sy het later 'n obsessie ontwikkel oor waarom na sekere mense as *Baas* verwys moes word. Haar Ouma, wat geen besware teen die woord *Baas* het nie, sê vir Saartjie:

*Jy raak ontsettend moeilik van 'n slegte gewoonte ontslae, Saartjie (p. 82).*

Wanneer Saartjie deur Viljoen ondervra word oor die moord op oubaas Jamie, spreek sy hom aan as *Baas*. Volgens haar oma se mening hoort dit so:

*... Maar ek ken jou mos, wat is jou naam nou weer? vra hy. Saartjie, Saartjie Steenberg, Baas. Nee, Baas, dis gewoonlik daardie tyd van die oggend doodstil (p. 97-98).*

Die woord *Miesies* kom voor in *Erfenis van die noodlot*, en word gebruik deur Saartjie. Dit is die vroulike ekwivalent van die woord *baas*. Saartjie is die eerste persoon wat soos gewoonlik by oubaas Jamie se winkel aankom. Die witvrou kry haar daar, en nadat die vrou haar gevra het waar die oubaas is, dink sy:

*Behalwe vir speurder Viljoen en oubaas Jamie was dit die eerste keer dat Saartjie met 'n witmens gepraat het (p. 93).*

Sy voel baie ongemaklik en antwoord die witvrou kortliks, maar senuweeagtig:

*Nee miesies, ek weet nie. Ek staan al van sesuur af hier (p. 94).*

Dit is vir Saartjie moeilik om met die *Miesies* te kommunikeer. As die polisiemanne by die winkel aankom, beveel hulle vir Saartjie en die witvrou om net daar te bly. Sy wens sy kon vra wat verkeerd is, maar weens 'n kommunikasiegaping of vanweë die grense tussen wit- en swartmense kon sy nie:

*Sy wil graag vra wat verkeerd is, maar sy kon nie (p. 94).*

Die polisieman spreek die witvrou as *antie* aan, nie *Miesies* soos Saartjie nie. Hy is blykbaar 'n witman, al sê die verteller dit nie. Die twee polisiemanne is verwonderd om 'n bruinmeisie (Saartjie) te sien huil as sy hoor dat oubaas Jamie dood is,

*... maar dit kan ook wees dat hulle nog nooit 'n bruinmeisie sien huil het nie (p. 95).*

Vir haar is die kleurkwessie nie ter sake nie, maar die menslikheid van oubaas Jamie teenoor haar.

Die winkeleienaar word voorgestel as *oubaas* wat verwys na 'n ou meneer of 'n *baas* wat oud is. Saartjie noem hom *oubaas*, net soos die witvrou en die wit polisiemanne. Sy sê:

*Oubaas Jamie het elke oggend om sesuur die kafee oopgesluit, ek weet, want ek was elke oggend, soos vandag, eerste hier (p. 98).*

Die speurder (Viljoen) sê vir die witvrou hy vermoed dat die *oubaas* doodgemaak is, al weet hy nog nie deur wie nie:

*Oubaas Jamie is nie van gods siekte dood nie, hy's gisteraand vermoor (p. 97).*

#### **4.3.5 Die brief en geweld**

Die brief wat Karel en Omers aan Saartjie skryf dien as 'n fokalisasiemiddel waarin die skrywer vir Saartjie in kennis stel wie vir Jamie vermoor het. Hulle sê nie nadruklik dat hulle hom vermoor het nie. Uit die brief blyk dit duidelik dat Dawid Magalie die een is wat hulle verraai het. Saartjie se vraag aan haar Oupa toon die onsekerheid:

*Oupa? het Saartjie gevra, hoe het Oom Dawid Magalie geweet dis Karel en Omers wat oubaas Jamie vermoor het? (p. 113).*

Die antwoord blyk uit die brief:

*Dit het ons later so gekwel dat Karel vir Dawid vertel het (p. 121).*

Daar is inligting oor die moord van oubaas Jamie, maar wie het hom eintlik vermoor? Die weglating van gedetailleerde beskrywings veroorsaak spanning by die leser. Volgens Karel en Omers was daar geen fisieke geweld betrokke nie. Hulle het net sy hande en voete vasgebind en 'n sakdoek om sy mond gebind:

*Dit was ons wat by oubaas Jamie was, maar nie om hom te vermoor nie (p. 121).*

Wat was dan die oorsaak van sy dood? Is dit werklik Karel en Omers wat hom vermoor het?

#### 4.3.6 Vuur as vernuwer

Vuur kan as vernietiger, vernuwer of verwarmer beskou word, soos reeds behandel in hoofstuk 2 betreffende *Kroniek uit die doofpot*. Met vuur kan nie gespeel word nie, daarom sê Cirlot (1971:106) (aangehaal in hoofstuk 2):

*But fire is ultra-life. It embraces both good (vital heat) and bad (destruction and conflagration). It implies the desire to annihilate time and to bring all things to their end. Fire is the archetypical image of phenomena in themselves (p. 106).*

Saartjie gee aan die leser inligting oor die lewe op Biesiesvlei. Sy gebruik woorde soos *vuurpot* om iets oor die mense se lewe te vertel. Mense kook saans buite kos met behulp van steenkool, vandaar die benaming “vuurpotte”:

*Orals het mense langs die vuurpotte wat met steenkool gebrand het gesit en Potestraat laat lyk soos gloeende ligte vanuit die grond. Sy gaan verder en sê: Ook langs die hok in die Steenbergs se yard, het 'n vuurpot bloedrooi geglinster in die swart aandlig (p. 33).*

##### 4.3.6.1 Vuur as verwarmer

Saartjie hou gereeld vir Karel en Omers dop as hulle gedurende die winterseisoen om die vuur sit, veral as sy sien hoe uitbundig Karel, Omers en Stecko lag terwyl hulle oopboude om die *vuurpot* sit. Vuur het ook 'n positiewe betekenis want di: hou die Steenbergs en hulle inwoners bymekaar:

*Die vuurpot het die spil begin word waarom die Steenbergs se winteraande gedraai het (p. 33).*

Min het Karel en Omers geweet dat hulle toekoms duister was en in hel sou eindig. Hulle is ter dood veroordeel vanweë die moord op oubaas Jamie.

#### 4.3.6.2 Vuur as vernietiger

Moos en sy vrou gaan slaap gewoonlik voor Saartjie. Dit is haar taak om die deur te sluit en die lamp wat met lampolie brand, dood te blaas. Sy is baie versigtig terwyl sy alles doen:

*Versigtig, omdat sy op 'n keer haar hande vol blase gebrand het deur die langvormige glas met haar kaal hande af te haal en na te laat om die vlam dood te blaas (p. 15).*

Dit is die gevare van vuur: dit kan brand, verwoes, vernietig, beskadig en verniel. Die voordele is dat vuur kos kan gaarmaak en mense kan warm hou gedurende die winterseisoen.

#### 4.3.7 Geweld deur sterk drank, dobbelpoele, kantiene en daggarook

Binne die ruimte van die verhaal word ook gekla oor die woonplek van bruinmense. Daar is geen hoërskole of ontspanningsgeriewe nie. Dit is een van die redes waarom die jeugdiges 'n drankprobleem het. Alles is te wyte aan apartheid wat, soos hy beweer, die mense se lewens verwoes.

In *Erfenis van die noodlot* sê Phillips

*... dat die inwoners van Potestraat deur dik en dun saamstaan. Maar ook 'n plek waarin daar geen hoërskole is nie, net dobbelpoele en kantiene, waarin strate ander name het sodra hulle oorsteek in die wit gebied in (p. 22).*

In *Erfenis van die noodlot* ervaar ons die meeste insidente deur Saartjie se oë. Sy stel die leser in kennis van Biesiesvlei se losbandige lewe wat haar baie kwel, sy vra baie vrae waarop sy geen duidelike antwoorde kry nie. Sy wil weet hoekom dinge is soos hulle is. Dobbelpoele, bakleiery, dronkenskap en messtekery - al dié dinge veroorsaak geweld:

*Bo in die straat was die alomverteenvoerdige Vrydagaand dobbelpoele waar die manne Dias geskiet het, maar die twee steek net vas, wissel 'n*

*paar woorde met van die manne en stap dan aan ... by sulke dobbelpoele is daar gedurig 'n gebakleiry en het daar al mense hul lewe verloor weens messtekery. Volgens Saartjie was die dobbelpoele onwettig want die polisie het hulle altyd uitmekaar gemaak. Die dobbelpoele het ook ontaard in 'n kat-en-muis-speletjie tussen die polisie en die manne (p. 13-14).*

Saartjie soek na Karel en Omers, sy verwag om hulle dronk te kry toe sy op Stecko afkom en sien

*dat hy papdronk is, kon sy maar net raai hoe Karel en Omers nou daar uitsien (p. 19).*

Saartjie hou dié twee dikwels dop, sy is sterk gekant teen bakleiry, dobbelpoele en dronkenskap. Sy voel magteloos; sy beleef innerlike wroeging oor hoekom mense hulle so gedra in Biesiesvlei:

*Sy moes hard probeer om die hartseer en vir haar die vernedering te onderdruk. Veral toe sy sien hoe hul vriende vir hulle dinge lag terwyl die wyn gevloei het (p. 20).*

Dit was onnatuurlik stil by die hok waarin Karel en Omers bly toe Saartjie hulle gaan roep,

*maar nie sonder rede nie, die twee was so uit soos 'n kers. Langs hulle was 'n halwe emmer kafferbier of skomfaan soos dit ook bekend was met 'n pintbeker wat op die paraffienblik gestaan het (p. 47).*

Saartjie begeer die beste vir Karel en Omers. Ná kerk word die tafel vir vyf gedek, dit wil sê die loseerders is ook ingesluit vir middagete. Maar sy word ontnugter as sy sien wat in hulle hok aangaan, soos die spreekwoord sê: *Meng jou met die semels, dan vreet die varke jou*. Saartjie probeer haar bes om vir Karel en Omers te verander, maar hulle wil nie saamwerk nie.

Een van Biesiesvlei se inwoners en predikant, Piet Storm, beledig die jongmanne een Sondagand as hy op hulle afkom:

*Al sou hulle die groot sondaars wees wat so dagga rook en verantwoordelik was vir die verval van Potestraat en sy mense (p. 64).*

Omdat hy 'n prediker was het hy gehoop hulle sou hulle bekeer maar hulle konfronteer hom:

*He'y jy, wie's jou daggarokers? en toe die prediker begin rondruk en -pluk waarop Piet Storm sy kitaar losruk en met woorde lostrek wat Potestraat daardie aand gaande gehad het (p. 64-65).*

Normaalweg sal mense nie so met 'n prediker praat of reageer nie, omdat 'n mens sy amp respekteer, maar:

*hulle val hom aan en met die manne al vloekende agter hom aan (p. 65).*

Omers maak rusie met die Vermeulen-susters. Saartjie was soos gewoonlik teenwoordig. Omers word woedend en voeg hulle lelike woorde toe, soos:

*Dis hoekom julle nie kan man kry nie, want watter man sal kan huishou met sulke ou gesigte soos julle? (p. 67).*

Spiervit van woede het die susters heftig teruggekap:

*... julle is net 'n klomp skollies en tronkvoëls, net môre laat ek Viljoen kom, sodat hy julle hier uit die yard moet kom uitgooi (p. 67).*

Saartjie kan dit nie glo as Viljoen vir Karel en Omers kom oplaai nie. Daar is vermoed dat hulle die hoenders uit Moos se hoenderhok gasteel het. Saartjie vra:

*Was hulle nog babelas na gisteraand se drinkery? (p. 72).*

Of was dit, soos Ouma altyd beweer, wonder Saartjie as sy vir Karel en Omers dronk aantref

*gee vir 'n drinker wyn en daardie selfde drinker kan nie pê sê nie (p. 72).*

Ná hulle vrylating gesels die twee met Saartjie oor toestande in die tronk. Karel sê dit is nie 'n plek vir moffies nie; manne wat nog nie in die tronk was nie, word verkleineer. Dit moes beslis 'n invloed op die jongmense gehad het, vandaar die slagspreuk:

*Jy moet gaan nommer haal sodat jy kan mens word, is gereeld om die dobbelpoele van Potestraat gehoor (p. 87).*

Saartjie wens en vermoed dat Karel en Omers op 'n sekere Vrydagaand vroeg gaan slaap. Sy hou hulle dop want sy weet van Vrydag af is Potestraat rof en is dit nie 'n plek vir dronk mense nie. Alles wat sy vermoed en gewens het,

*het soos mis voor die son verdwyn, want sowel Stecko as Capetown het 'n driebottelkannetjie wyn by hulle gehad (p. 89).*

Die doodstraf wat Karel en Omers opgelê is, laat vir Saartjie met vrae wat sy vir haar oupa vra:

*Hoekom moet hulle doodstraf kry? Ek weet dat oubaas Jamie die eerste witmens is wat op Biesiesvlei vermoor is, maar hier was ook al moorde tussen ons waar mense mekaar met messe doodgesteek het! Hoekom was hulle dan nie gehang nie? (p. 117).*

Saartjie wil van haar oupa weet waarom daar 'n verskil is wanneer bruinmense mekaar met messe doodsteek. Waarom word hulle nie ter dood veroordeel nie? Maar toe 'n witman vermoor is, is daar die doodstraf vir Karel en Omers:

*Ek weet dis waar wat jy sê, maar soos ek die wet verstaan, is dat wanneer jy iemand met 'n mes doodsteek, dit manslag is en jy dus nie doodstraf daarvoor kry nie (p. 117).*

Vanweë haar bitterheid en hartseer oor Karel en Omers se teregstelling, kan haar oupa haar nie tot sy standpunt oorreed nie, want sy sê-vra:

*Maar oupa, is manslag dan nie ook moord nie, die persoon is tog dood? (p. 118).*

#### 4.3.8 Taal en geweld

Taal is 'n kommunikasiemiddel. Deur sy taalgebruik kan 'n leser die stemming/geaardheid van die taalgebruiker vasstel.

Die taal wat Phillips in *Erfenis van die noodlot* gebruik beeld die gesproke taal van bruinmense uit, naamlik Afrikaans wat met Engels vermeng is. Daardeur gee hy die leser 'n beeld van sy karakters: die *gee-nie-om-nie*-gedrag wat geweld kan veroorsaak:

Ons het 'n *job* by Dawid gekry (p. 11).

Hy betaal *oraait* (p. 12).

As die polisie met *bicycles* en 'n *saaikar* Potestraat af kom (p. 14).

Moenie *worry* nie (p. 25).

By ou Dawid staan 'n ou *secondhand* kooi en matras (p. 25).

Happy *krismis* (p. 47).

Die taal wat gebesig word, is nie woordeboekafrikaans nie. Dit is tipies dié van bruinmense. Hierdie soort taal word net deur Phillips se karakters soos Karel, Omers, Stecko en Capetown gebruik – al die jongkêrels wat baie van drank hou. Let op woorde soos *zorro's* (p. 44).

Saartjie vertel Stecko se stories aan haar vriende op skool: toe hy by 'n bergpas stilgehou het, het hy bobbejane gesien. Hy wou hulle brood voer, toe beduie die bobbejane dat hulle nie die brood wou hê nie. Hy het baie kwaad geword en skree op die bobbejane:

*kryp in julle donner in* (p. 35).

Phillips kom in *Erfenis van die noodlot* só voor, as hy vir Stecko aan die woord stel:

*Ek weet nie van julle nie, maar ek vat nou gat kebben toe, want vanaand gaan ons weer vir fokko! tronk toe* (p. 60).

Saartjie begin eers later die taal verstaan. Sy voel baie teleurgesteld en is woedend as sy Omers en Karel aantref waar hulle by hulle vriende sit en gesels. Sy skree op hulle:

*Julle slegte goed (p. 20).*

Interessant genoeg is die *gewelddadige* taalgebruik in *Erfenis van die noodlot* en *Die verdwaalde land* meer gematig as in die latere *Die Messiasbende* (1997).

*Die Messiasbende* word nie hier indringend bespreek nie. Tog toon dit baie ooreenkomste met die drie tekste wat behandel word.

*Sy's van die soort van bo bont, onder vol stront, want sy't nie gedrink toe sy hier ingetrek het nie (p. 54).*

Doy spot vir Gutsieboy deur sterk taal te gebruik:

*Hop jy maar vedag weer soos 'n bol, jy vergeet gou hoe jou gat nou die dag in die hakies vasgesit het (p. 79).*

Die spirits-drinkers, die Messiasbende (soos in die titel) is verslaaf aan spirits, maar daar is 'n rede voor:

*Die Messiasbende was miskien dronk, maar hulle was diep seergemaak (p. 47).*

#### **4.3.9 Die gewelddadige ruimte**

Abraham Phillips verwys in *Erfenis van die noodlot* na verskeie insidente in die tronk, 'n gewelddadige plek waarvoor die jongmanne van Biesiesvlei baie skrikkerig is. Stecko sê vir Saartjie ná hulle oor die Springbokke gesels het:

*... dat hy nie van dié span hou nie, hulle benk net op Wiepie. Ek weet nie van julle nie, maar ek vat nou gat kebben toe, want vanaand gaan ons weer vir fokkol tronk toe (p. 60).*

Karel en Omers word met Viljoen se saaitkar tronk toe geneem, want hy vermoed dat dié twee weet wat met Moos se hoenders gebeur het omdat hulle hok langs die hoenderhok is (vergelyk 4.2.2):

*Skielik het Viljoen die boeie uitgehaal (p. 71).*

Die boeie self kan 'n mens intimideer, dit kan 'n gewelddadige atmosfeer skep.

*Saartjie was uit die veld geslaan oor die twee se swygzaamheid, terwyl Omers eerste met die saaitkar weggeneem word:*

*... Dis nie ons nie, Saartjie, help ons om uit die gemors te kom, terwyl hy ook in die saaikar klim en weggeneem word (p. 72).*

Die saaitkar word in Potestraat met die tronk geassosieer; dit neem hulle na die tronk: vergelyk *en weggeneem word*.

Die Vermeulen-susters wat baie aggressief optree teenoor Omers en Karel, noem hulle daggarokers. Hulle reageer heftig op die susters se opmerking, omdat die woord *dagga* hulle in die tronk sal laat beland, soos reeds aangetoon in 4.2.7:

*Julle is net 'n klomp skollies en tronkvoëls (p. 67).*

As iemand 'n tronkvoël genoem word, word bedoel 'n persoon wat gedurig in die tronk beland of vir 'n lang tydperk in die tronk bly.

Ná Karel en Omers se ontslag uit die tronk was alles weer normaal in Potestraat. Die hoendervere is later in 'n vullisblik deur Saartjie geïdentifiseer. Viljoen was gou op die toneel en

*Kaffer Skêr het ses maande tronkstraf gekry en Moos het weer die hoenderhok begin opbou (p. 91).*

Oubaas Jamie se dood was 'n groot skok vir Biesiesvlei se mense. Daar was 'n reusesoektog na die moordenaars wat dui op die diskriminasie ten gunste van die witman, anders as die twee swart/bruin slagoffers in *Die verdwaalde land* en *Kroniek uit die doofpot*. Grootmense en kinders is daaglikse ondervra. Viljoen en Moos

Steenberg stap na die hok waar Karel en Omers slaap ná die inligting wat deur Dawid Magalie verstrekkend is:

*Karel Ruiters en Omers Saaiman ek neem julle in hegtenis vir die moord op oubaas Jamie (p. 108).*

Saartjie is die enigste persoon wat vir die twee vra hoekom hulle dit nie ontken nie. Sy kan nie glo dat dit waar is nie:

*'n Doodse stilte het oor die klompie mense daar by die hok neergedaal terwyl die speurders vir Karel en Omers geboei het (p. 109).*

Die stilte wat heers, verwys na die inhegtenisneming as 'n onplesierige ervaring, net soos die boei om hulle hande ook is. Saartjie se lewe sonder Karel en Omers was baie vervelig. Sy het voortdurend verwag om te hoor wat met die twee in die tronk sou gebeur:

*Karel en Omers is vroeg in die jaar 1959 in die Sentrale Gevangenis in Pretoria tereggestel (p. 118).*

#### **4.4 Samevatting**

Geweld in *Erfenis van die noodlot*, soos in *Die verdwaalde land*, word soos reeds aangedui nie eksplisiet uitgebeeld nie. Daar word eerder van die tegniek van suggestie of onderbektoneering gebruik gemaak.

In *Erfenis van die noodlot* is daar 'n bespiegeling oor geweld. Oubaas Jamie het gewelddadig gesterf, maar nêrens in die verhaal word die moord self uitgebeeld nie. Die vermeende *moordenaars* Karel en Omers tree na vore deurdat hulle vir Dawid Magalie daarvan gesê het. Dawid dra die boodskap aan die polisie oor, moontlik omdat 'n hoë beloning uitgelooft is. Die houding van die polisie teenoor Karel en Omers is vyandig en hulle word genadeloos gestraf. Albei is later ter dood veroordeel.

Saartjie kwêl haar oor hoe rasse volgens etniese groepe geskei is (apartheid). Haar ouma en oupa se redenasie is dat die regering so is, dit was nog altyd so. *Noodlot*,

soos dit in die titel voorkom, is ook 'n woord wat Saartjie gebruik. Noodlot is as't ware sinoniem met geweld.

Geweld kom voor as gevolg van drankmisbruik, dobbelary en daggarokery deur die jongmans van Potestraat. Volgens die verteller gebeur dié dinge vanweë 'n gebrek aan ontspanningsgeriewe en skole. Die ruimte of woonplek van dié mense is ontoereikend vir normale mense, daarom kry die predikant hulle nie bekeer nie. Die *vuur* waarom die Steenbergse winteraande gesit het, het waarskynlik die gevaar gesimboliseer waarin dié gesin hulle later sou bevind.

Die name Capetown, Stecko, Nugget, Blackie en Kaffer Skêr pas mooi by die taal wat hulle gebruik. Uit die taalgebruik kan die leser vasstel watter soort mense dié is deur woorde wat hulle besig soos *oraait, bicycles, job, fokkol, gat, donner* ens.

Potestraat se jongmans beland in die tronk weens moord, messtekery en dronkenskap soos reeds hierbo genoem.

Die teregstelling van Karel en Omers is Saartjie se noodlot in die verhaal, alhoewel sy haar bes probeer het om hulle uit die moeilikheid te hou.

# HOOFSTUK 5

## ALGEMEEN EN VERGELYKEND

### 5.1 Inleidend: Algemeen vergelykend

Die gebeure wat in al drie betrokke tekste beskryf word, het as gemene deler die agtergrond van werklike gebeure waarin mense soos F.W. de Klerk, A.P. Treurnicht, B.J. Vorster en M.C. Botha 'n rol gespeel het. Dit was 'n omgewing wat aanleiding tot geweld gegee het; geweld wat parallel loop met die politieke en geweldsgebeure wat in die tekste aan die orde kom. Dit is origens so dat binne die nuwe politieke bedeling met die getuienisse voor die Waarheids- en Versoeningskommissie, baie van die gebeure nuwe aktualiteit verkry. Sekere bewerings in die drie tekste kan as fiksie beskou word. Breakwell (1989:88) sê waarheid is

*a sustained story which is not historically true but might very easily be so.*

Volgens Breakwell is fiksie nie net 'n verteenwoordiger van sosiale realiteit nie, maar ook 'n noodsaaklike funksionele deel van sosiale kontrole. Dit kan ook as 'n belangrike element in sosiale veranderings beskou word.

Die drie tekste is tot 'n groot mate vergelykend beskou op grond van 'n tematiese intertekstualiteit.

Dit het uit die ondersoek geblyk dat geweld op verskillende wyses voorgestel word. Dit vorm nie net deel van 'n fisieke handeling nie, maar is ook gemotiveer, gesitueer en gekonstrueer binne 'n verskeidenheid sosiale handelinge.

### 5.2 Politieke geweld

Folena (1989:232) in *The violence of representation* wys daarop dat geweld teenoor vryheid of demokrasie staan, en juis apartheid het daardie demokrasie ondermyn. Vergelykend kan beweer word dat die moorde wat in die drie tekste beskryf is, polities gemotiveerd was. Die Suid-Afrikaanse regering het 'n rol gespeel om geweld aan te blaas. Dit word in die tekste gesuggereer of selfs byna blatant gesê.

### 5.3 Drankmisbruik en geweld

Al drie tekste verwys prominent na drankmisbruik deur swart/bruinmense as aanleiding tot geweld, byvoorbeeld toe Saartjie (reeds aangehaal):

*op Stecko afkom en sien dat hy papdronk is, kon sy maar net raai hoe Karel en Omers nou daar uitsien (p. 19) (uit Erfenis van die noodlot).*

### 5.4 Taalgeweld

Die taal wat gebruik is, is gekrui, veral in Miles se *Kroniek uit die doofpot*. Die taalgebruik in Phillips se tekste is meer getemper. In sy jongste roman, *Die Messiasbende* (1997), is die gebruik van kragwoorde byna net so prominent soos in Miles se *Kroniek uit die doofpot*. Meisie se stiefma tree gewelddadig op teenoor haar:

*Hei jy, Meisie, nou't ek genoeg van jou gehad! Dis ek wat jou gat afgevee het. Van nou af donner ons mekaar, maar hier gaan jy my nie uitkry nie (p. 86).*

### 5.5 Hoofpersone en tragedie

'n Verdere tematiese ooreenkoms tussen die drie tekste is dat elkeen 'n tragiese element bevat. Die hoofkarakters is in 'n stelsel vasgevang waaruit hulle nie kan ontsnap nie. Hulle probeer om aan die situasie te ontworstel, maar soos in 'n klassieke tragedie is geen ontsnapping moontlik nie, en alles lei noodwendig tot ondergang en/of die dood.

### 5.6 Apartheid en geweld

Die woord *apartheid* word deur albei outeurs gebruik. Hulle het besef hoe apartheid, soos die regering dit toegepas het, rasse geskei het (apart gehou het). In die tagtigerjare het apartheid bygedra tot geweld.

## 5.7 Politieke tematiek rondom geweld

Die onluste van 1976, die twis oor Afrikaans as voertaal, en die skoolboikotte, wat in al drie die tekste voorkom, het weerstand en geweld veroorsaak. Brutale moorde is gepleeg, soos dié op Goniwe, Galata en ander aktiviste.

*Vier gemeenskapsleiers, wat al 'n paar dae vermis word, se erg verbrande lyke is op verskillende afgeleë plekke in die buitewyke van Port Elizabeth gevind. Goniwe, gewilde gemeenskapsleier, se hande was gebreek. Galata, die Afrikaansonderwyser, se vingers afgesny. En ook die ander twee aktiviste vol kop-steekwonde, óók eers geskiet en toe verbrand (Kroniek uit die doofpot, 1991:208-209).*

## 5.8 Die ANC en geweld

Organisasies soos die ANC is as baie gevaarlik beskou, maar later is die verbod op dié organisasie opgehef. Ná die opheffing van die verbod, het die regering met geweld in Oos-Kaapland en Kwazulu Natal te kampe gehad. Dit het kritieke afmetings aangeneem, terwyl opstandigheid in swart stedelike gebiede gesmeul en later inderdaad losgebars het. Die jeug wat in die siklus van gewelddadige protes vasgevang is, het ook aandag geverg. Tumelo John beskryf die gebeure:

*Winterveld ... 'n smeulende opstand. Oorlog in KwaNdebele. Soweto aan die brand. 105 Cosas-lede word verhoor omdat hulle 'n onwettige vergadering bygewoon het. In Port Elizabeth en Oos-Londen 'n groeiende boikot van besighede. Mamelodi kom in verset. Massa arrestasie in Garankuwa. Die grootste staking ooit begin. Meer en steeds meer aangehoudenenes. Halssnoere in Lebowa, klopjagte en onopgeloste moorde in buurlande. Naby Durban word Griffiths Mxenge se vrou Victoria, eers verpleegster later prokureur, soos haar vermoorde man langs haar huis doodgeskiet (voorts met 'n byl gekap). Begrafnisse word 'n politieke geleentheid in die gespook met apartheid (p. 258).*

## 5.9 Suid-Afrikaanse polisie en geweld

Die Suid-Afrikaanse polisie-optrede veroorsaak ook geweld, soos uitgebeeld in die betrokke tekste. In *Die verdwaalde land* is Selula die laaste keer by die polisie gesien, toe hulle hom in 'n vangwa geboender het. In *Kroniek uit die doofpot* is Tumelo John se dood deur die polisie veroorsaak.

Swart/bruinmense word in al drie tekste deur hulle meerderes in hegtenis geneem. Die tronk is gebruik om die *misdadigers* se monde te snoer. Die implikasie is dat dié wat misdadigers in hegtenis moet neem, self misdadigers is wat nie vertrou kan word nie (dit kom in die tekste na vore). Wie sal hulle vang en oordeel? Tumelo John sê vir Tsepo (reeds aangehaal):

*As ek met 'n grootkop in die hoofkantoor wil praat, dan gaan die deur oop. Hulle verplaas my na die plek waarvoor ek vra. Maar een ding wat 'n swartman nie kan regkry nie, is om 'n doodgewone saak te maak teen 'n wit kolonel wat hom aangerand het (p. 210).*

## 5.10 Titels hou verband met die Suid-Afrikaanse regering

In al drie die verhale van Phillips en Miles kry ons 'n beeld van die vroeëre jare van die Suid-Afrikaanse regering onder leiding van die Nasionale Party. Dit is begryplik waarom Phillips sy verhale *Die verdwaalde land* en *Erfenis van die noodlot* noem. Dié titels kan vertolk word as bruin/swartmense se noodlot onder die regering van die verdwaalde land, Suid-Afrika. *Kroniek uit die doofpot* is, soos reeds in 'n vorige hoofstuk (1.1) gesê, 'n polisieroman wat oor politieke geweld handel. Die voortdurende korrupsie en moorde wat deur dié in beheer gepleeg word, hou verband met die kroniese pyn in Tumelo John se linkeroor. Kotze (1993:2) sê:

*Abraham Phillips het 'n diepe geloof in die vermoë van die mens om dit wat verbrou is, reg te maak. Hy glo dat Suid-Afrika slegs tydelik die pad byster geraak het en dat ons dit spoedig weer sal vind. Daarom noem Abraham Phillips sy boek Die verdwaalde land. Wat 'n wonderlike genadige inset deur iemand wat bereid is om te vergewe sodat almal in Suid-Afrika kan lewe.*

### 5.11 Negatiewe houding teenoor swart/bruinmense

In *Kroniek uit die doofpot* verskyn die woord *kaffer* af en toe. Dié woord word deur die wittes in die teks gebruik om die swartes te beledig en te ondermyn. Die swartes beledig die wittes ook in dié teks, deur hulle *Boere* te noem:

*Dis julle kaffers wat al die shit veroorsaak. Wanneer gaan julle self iets daaromtrent doen? (p. 100).*

*Die polisie is die Boere, dink hy wrang. Lank gevat om dit agter te kom. Hoe dikwels het hy hom nie vererg as hy mense so iets hoor sê nie ... (p. 261). Daar is meer swartmense in die Mag en ons doen dinge saam ... Maar vandag sit hy met sy kop in sy hande: ek is ore aangesit, die Polisie doen wat die Boere wil en ons ander maak nie saak nie (p. 261).*

*Hulle sal baie erger dinge doen as wat die Boere ooit kon droom. Hulle wil net baas wees (p. 269).*

Die negatiewe houding van swartmense teenoor witmense en andersom veroorsaak die gebruik van woorde soos *boere* en *kaffers*. Dit is wat Van Heerden (1987:92) raspejoratiewe noem:

*Van raspejoratiewe moet ook gesê word dat dit nie slegs woorde is wat die wit perspektief op die swartman gee nie, maar dat die raspejoratief omgekeerd as benoemde ook by geleentheid die witman kan hê.*

Mabe en Sithebe probeer vir Tumelo John bewys hoe sleg witmense is, dat sy saak teen Radifeisana (Van Niekerk) hom net in 'n swak posisie sal hou.

*... jy byt nou 'n te groot hap af, jy kan maar na my luister, ek is offisier, ek werk elke dag sy aan sy met die Boere ... ( ) Ag man, dis die Boere se maniere daai (p. 149).*

## 5.12 Ongeregtigheid teen reg en geregtigheid

In die gegewe verhale is die basiese hipotese dat die pleeg van geweld tot 'n ontlading van aggressie by die waarnemer of slagoffer kan lei. Al drie tekste pleit vir reg en geregtigheid teenoor bruin/swartmense. Ronnie, in *Die verdwaalde land*, kon voorsien dat ongeregtigheid nie sou voortduur nie:

*soos mamma my self geleer het dat die Here ongeregtigheid nooit sal laat voortduur nie. Al is ek en mamma nie meer daar nie, sal apartheid tot einde kom (p. 22).*

My afleiding in verband met albei outeurs is dat hulle getuies was van die ongevoeligheid van die wit *meerderes* teenoor die bruin/swartmense. Geregtigheid is bloot 'n woord wat in al drie tekste verskyn, dit geskied nie sover dit 'n bruin/swartmens betref nie.

Sommige stellings in *Kroniek uit die doofpot*, *Die verdwaalde land* en *Erfenis van die noodlot* weerspieël die geskiedenis van Suid-Afrika. Volgens die outeurs van dié tekste kon die boeke gedurende die apartheidsera nie gepubliseer word nie, omdat die verhale oor die Suid-Afrikaanse politiek handel. Outeurs was gedurende daardie tydperk net toegelaat om ten gunste van die regering te skryf.

Hierdie studie was origens nie alleen kennisname van politieke geweld binne die Suid-Afrikaanse situasie nie, maar ook van faktore wat die geweld aangeblaas het, asook die aard van die geweld.

Albei outeurs, Miles en Phillips, sê die gegewe verhale is op die werklikheid gebaseer, met terugverwysing na hoofstukke 2, 3 en 4, en met verwysing na verskillende resensente, koerante en getuienisse. F. Ankersmit (1997:7) in J.W.N. Tempelhoff se *Die verkenning van feit en fiksie* gee die volgende bewering oor *feit* en *fiksie*:

*Without fiction there is no truth about ourselves. What we "make up" about ourselves is part of the truth about us, and the attempt to avoid all fiction about ourselves will obscure rather than reveal the truth.*

Daar is sprake van 'n soeke na die waarheid deur albei outeurs in al drie verhale. Dié toevallige soeke word soms 'n werklikheid. Dit is byvoorbeeld toevallig dat Miles oor Griffiths Mxenge, Goniwe, Galata e.a. skryf. Daarna volg die Waarheids- en Versoeningskommissie se verhore waar getuienisse voorkom in verband met dié slagoffers se dood. Dit is 'n feit dat dié mense dood is, maar wie hulle doodgemaak het en waarom word steeds bevraagteken. Hoe reageer die Suid-Afrikaanse gemeenskap hierteenoor? Tempelhoff (1997:41) verduidelik sy siening in verband met die *feit* en *waarheid*:

*Die oplossing tot die kwessie van geskiedenis se waarheidsaanspraak en die uiteenlopende beskouings oor wat waarheid is, lê in hierdie verskille tussen geskiedenis en fiksie opgesluit. Feit en waarheid is nie noodwendig sinoniem nie. Voorlopig kan ons tussen historiese feite en waarheid onderskei. Historiese feite is atomiese proposisies oor aspekte van die verlede waarvoor daar wel (onbetwiste) gronde bestaan, ongeag of daardie gronde ruimte laat vir verskille in interpretasie.*

Na aanleiding van die bewerings oor *feit* en *fiksie*, lei ek af dat *feite* in werklikheid menslike aannames is, en derhalwe nie van fiksie onderskei kan word nie.

Die waarheid of die werklikheid word gewoonlik vertel vanuit 'n spesifieke perspektief, afhangende van die verteller se betrokkenheid of belangstelling. Die Waarheids- en Versoeningskommissie hou voorbeelde voor van die oorvertel van *feite* vanuit twee verskillende oogpunte gesien. Politici en die polisie mag soms veralgemeen of vae beskrywings van 'n voorval gee, maar die woorde wat deur die gemartelde persoon teenoor sy naasbestaandes gebruik word, verleen 'n ander kleur aan die gebeure.

Daarom kan 'n mens die betroubaarheid van die *feite* soos beskryf deur die outeurs tot 'n sekere mate bevraagteken. Hoe akkuraat of betroubaar is die geheue van die verteller? De Kock (In Tempelhoff, 1997:17) haal Milan Kundera se gewilde stelling so aan:

*... the struggle against injustice is the struggle of memory against forgetting.*

In die Suid-Afrikaanse konteks gesien, kan dit ook laastens genoem word dat die “waarheid”, soos wat dit in die media voorgehou was gedurende die apartheidsjare, en die “waarheid” soos dit voor die Waarheids- en Versoeningskommissie geopenbaar word, nie altyd strook nie. Die geskiedkundige waarheid word soms beperk deur die waarnemer se perspektief asook die verteller se beoogde doel. Daarom is dit nie altyd maklik om *feit* en fiksie te onderskei nie.

## ADDENDUM

Hieronder word vervolgens rubriserend, met aanduiding van bladsynommers, al die aanhalings in die verskillende tekste wat verband hou met geweld, onder die hofies raspejoratief, taalgeweld, sinonieme van geweld, geweldbeeld, geweldhandeling en ander oorsigtelik in kolomme aangedui.

| Passasie/aanhaling |                                                                                                                           | Verband met geweld |            |                      |             |                 |       |
|--------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------|------------|----------------------|-------------|-----------------|-------|
|                    |                                                                                                                           | RASPEJORATIEF      | TAALGEWELD | SINONIEME VAN GEWELD | GEWELDBEELD | GEWELDHANDELING | ANDER |
| P. no.             | ERFENIS VAN DIE NOODLOT - A PHILLIPS                                                                                      |                    |            |                      |             |                 |       |
| 14                 | "... by sulke dobbelpoele is daar gedurig 'n <u>gebakleiery</u> en het daar al mense hulle lewe verloor weens messtekery" |                    |            |                      |             | x               |       |
| 15                 | "'n Reël wat juis die <u>skuiwergat</u> het vir die kliënt"                                                               |                    |            | x                    |             |                 |       |
| 20                 | "julle <u>slegte goed</u> "                                                                                               |                    | x          |                      |             |                 |       |
| 21                 | "die afsny van die <u>bruin- en die swart-gemeenskappe</u> "                                                              | x                  |            |                      |             |                 |       |
| 31                 | "alles <u>wat nie wit is nie</u> beslis ook nie swart was nie"                                                            | x                  |            |                      |             |                 |       |
| 35                 | "kruip in jul <u>donner</u> in"                                                                                           |                    | x          |                      |             |                 |       |
| 35                 | "for <u>Europeans</u> only en for <u>Non-Europeans</u> only"                                                              | x                  |            |                      |             |                 |       |

| P.<br>No. | Passasie/aanhaling                                                                                                                                | Verband met geweld |            |                      |             |                 |       |
|-----------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------|------------|----------------------|-------------|-----------------|-------|
|           |                                                                                                                                                   | RASPEJORATIEF      | TAALGEWELD | SINONIEME VAN GEWELD | GEWELDBEELD | GEWELDHANDELING | ANDER |
| 42        | " ... die vorige aand in 'n <u>bakleier</u> y betrokke was"                                                                                       |                    |            |                      |             | x               |       |
| 42        | " <u>Moord</u> was dikwels gepleeg"                                                                                                               |                    |            |                      |             | x               |       |
| 44-<br>45 | " ...die <u>uithaal</u> in 1955 van die <u>swartmense</u> uit die gemeenskap en die verskuif van dele van die bruinmense na ander woon-buurties?" | x                  |            |                      |             |                 |       |
| 45        | " ... en dat die swartmense die volgende jaar daarheen verskuif gaan word"                                                                        | x                  |            |                      |             |                 |       |
| 50        | "Vandag word Omers hier by die rivier <u>doodgeslaan</u> "                                                                                        |                    |            |                      |             | x               |       |
| 54        | " ... ons hier onder en die <u>swartmense</u> eenkant buite die dorp"                                                                             | x                  |            |                      |             |                 |       |
| 56        | "Is daar dan <u>witmense</u> wat soos ons lewe?"                                                                                                  | x                  |            |                      |             |                 |       |
| 60        | "Maar ek vat nou <u>gat</u> kebben toe"                                                                                                           |                    | x          |                      |             |                 |       |
| 61        | "Vanaand gaan ons weer vir <u>fokkel</u> tronk toe"                                                                                               |                    | x          |                      |             |                 |       |
| 71        | "skielik het Viljoen die <u>boeie</u> uitgehaal"                                                                                                  |                    |            | x                    |             |                 |       |
| 87        | "Is ek nie miskien 'n vrywillige <u>slagoffer</u> van die noodlot nie?"                                                                           |                    |            |                      | x           |                 |       |
| 91        | "Kaffer Skêr het ses maande <u>tronkstraf</u> gekry"                                                                                              |                    |            | x                    |             |                 |       |

| Passasie/aanhaling |                                                                                                                                                                        | Verband met geweld |            |                      |             |                 |       |
|--------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------|------------|----------------------|-------------|-----------------|-------|
|                    |                                                                                                                                                                        | RASPEJORATIEF      | TAALGEWELD | SINONIEME VAN GEWELD | GEWELDBEELD | GEWELDHANDELING | ANDER |
| P.<br>No.          |                                                                                                                                                                        |                    |            |                      |             |                 |       |
| 95                 | " <u>Oubaas</u> Jamie is dood"                                                                                                                                         | x                  |            |                      |             |                 |       |
| 97                 | "dit is die eerste witmens wat op Biesiesvlei <u>vermoor</u> word"                                                                                                     |                    |            |                      |             | x               |       |
| 98                 | "maar dit lyk of die <u>oubaas</u> verwurg is"                                                                                                                         | x                  |            |                      |             |                 |       |
| 100                | "die <u>moord</u> op oubaas Jamie het skokgolwe deur Biesiesvlei gestuur", "... dat oubaas Jamie met sy eie taai <u>verwurg</u> is"                                    |                    |            |                      | x           |                 |       |
| 100                | "... die polisie het 'n reuse soektog na die <u>moordenaars</u> van stapel laat loop en in Potestraat was daar nou daagliks spanne speurders om die mense te ondervra" |                    |            |                      |             |                 | x     |
| 103                | "Daar is <u>speurders</u> <u>vanaf</u> Kaapstad ingebring om te kom help met die ondersoek"                                                                            |                    |            |                      |             |                 | x     |
| 104                | "... uitloof vir die persoon wat kan uitwys wie oubaas Jamie <u>vermoor</u> het"                                                                                       |                    |            |                      |             | x               |       |
| 108                | "... ek neem julle in <u>hegtenis</u> vir die moord op oubaas Jamie"                                                                                                   |                    |            | x                    |             |                 |       |
| 110                | "... het Biesiesvlei soos 'n <u>bom</u> getref"                                                                                                                        |                    |            | x                    |             |                 |       |
| 111                | "omdat besoek <u>verbode</u> was"                                                                                                                                      |                    |            |                      |             |                 | x     |
| 115                | "Karel en Omers is vandag ter <u>dood veroordeel</u> "                                                                                                                 |                    |            |                      | x           |                 |       |

| Passasie/aanhaling |                                                                                                      | Verband met geweld |            |                      |             |                 |       |
|--------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------|------------|----------------------|-------------|-----------------|-------|
|                    |                                                                                                      | RASPEJORATIEF      | TAALGEWELD | SINONIEME VAN GEWELD | GEWELDBEELD | GEWELDHANDELING | ANDER |
| P.<br>No.          |                                                                                                      |                    |            |                      |             |                 |       |
| 117                | "Hoekom was hulle ook nie gehang nie?"                                                               |                    |            |                      | x           |                 |       |
| 118                | "... is <u>manslag</u> dan nie ook moord nie, die mens is tog dood?"                                 |                    |            |                      |             | x               |       |
| 118                | "Hulle moes tog geweet het dat om 'n <u>witmens leed aan te doen</u> , gaan hulle duur te staan kom" | x                  |            |                      |             |                 |       |
| 118                | Karel en Omers is vroeg in die jaar 1959 in die <u>Sentrale Gevangenis in Pretoria tereggestel</u> " |                    |            |                      |             | x               |       |

| P.<br>No.                          | Passasie/aanhaling                                                              | Verband met geweld |            |                      |             |                 |       |
|------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------|--------------------|------------|----------------------|-------------|-----------------|-------|
|                                    |                                                                                 | RASPEJORATIEF      | TAALGEWELD | SINONIEME VAN GEWELD | GEWELDBEELD | GEWELDHANDELING | ANDER |
| DIE VERDWAAALDE LAND - A. Phillips |                                                                                 |                    |            |                      |             |                 |       |
| 2                                  | "... die <u>donkerqat</u> van die maan"<br>(Brink)                              |                    |            |                      |             | x               |       |
| 2                                  | "... <u>verwoeste</u> Babilon" (gedig)                                          |                    |            |                      |             | x               |       |
| 3                                  | "Die jong Alexandra het Indië verower"                                          |                    |            |                      |             | x               |       |
| 3                                  | "Frederick die Tweede het in die<br>sewejarige <u>oorlog</u> oorwin"            |                    |            |                      |             | x               |       |
| 10                                 | "word die leser blootgestel aan die stil<br><u>geweld</u> "                     |                    |            | x                    |             |                 |       |
| 12                                 | "Die wolfdoring staan en <u>bloei</u> : laat dit<br>staan en staan vir ons ore" |                    |            | x                    |             |                 |       |
| 13                                 | "Pappa het alewig met 'n <u>wrok</u> gelewe"                                    |                    |            |                      |             | x               |       |
| 13-<br>14                          | "Toe die swartmense moes trek, was<br>die <u>vet in die vuur</u> "              |                    |            | x                    |             |                 |       |
| 22                                 | "... hierdie <u>ding</u> wat julle apartheid<br>noem, ook gaan end!"            |                    |            |                      |             |                 | x     |
| 22                                 | "... het Ronnie gesien hoe apartheid<br>die mens se lewe <u>verwoes</u> "       |                    |            |                      |             | x               |       |
| 22                                 | "Daar was geen bioskoop nie, dié het<br><u>afgebrand</u> "                      |                    |            |                      | x           |                 |       |

| P.<br>No. | Passasie/aanhaling                                                                                               | Verband met geweld |            |                      |             |                 |       |
|-----------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------|------------|----------------------|-------------|-----------------|-------|
|           |                                                                                                                  | RASPEJORATIEF      | TAALGEWELD | SINONIEME VAN GEWELD | GEWELDBEELD | GEWELDHANDELING | ANDER |
| 23        | "Apartheid het veroorsaak dat bruin mense dit ook onder mekaar toegepas het"                                     |                    |            |                      |             |                 | x     |
| 23        | "... amptenare soos die polisie, baie van die bruin gemeenskap <u>vertrap</u> en op hulle <u>neergesien</u> het" | x                  |            |                      |             |                 |       |
| 27        | "... hy en die meisie soos kat en hond baklei het"                                                               |                    |            |                      |             | x               |       |
| 29        | "terwyl die arm bruin mens geestelik, fisiek en materieel gebreek was"                                           |                    |            | x                    |             |                 |       |
| 29        | "Bevoorregte bruin mense het ook <u>apartheid</u> gebruik om hulself te beskerm"                                 |                    |            |                      |             |                 | x     |
| 29        | "Bruin mense het mekaar ondermyn om die <u>baas</u> se guns te wen"                                              | x                  |            |                      |             |                 |       |
| 30        | "Ja <u>apartheid</u> het net so onder bruin mense gewoed as wat die witmense dit uitgedeel het"                  | x                  |            |                      |             |                 |       |
| 30        | "Die bruin polisiemanne was aan die voorpunt om hardhandige behandeling of straf uit te deel"                    |                    |            |                      |             | x               |       |
| 32        | "Die kettings van omstandighede was stewig om Ronnie en Selula gedraai"                                          |                    |            |                      |             | x               |       |
| 34        | "Swaarkry en ellende net op apartheid gepak"                                                                     |                    |            |                      |             |                 | x     |

| P.<br>No. | Passasie/aanhaling                                                                                                    | Verband met geweld |            |                      |             |                 |       |
|-----------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------|------------|----------------------|-------------|-----------------|-------|
|           |                                                                                                                       | RASPEJORATIEF      | TAALGEWELD | SINONIEME VAN GEWELD | GEWELDBEELD | GEWELDHANDELING | ANDER |
| 34        | "Kyk wat maak apartheid! Kyk hoe <u>swaar</u> kry die mense!"                                                         |                    |            | x                    |             |                 |       |
| 37        | "... hy kon <u>apartheid</u> uit 'n beter hoek uit beoordeel"                                                         |                    |            |                      |             |                 | x     |
| 39        | "Die <u>onluste</u> van 1976"                                                                                         |                    |            | x                    |             |                 |       |
| 39        | "... hewige <u>opstand</u> in die bruin-gemeenskap gekom het met die skole boikot"                                    |                    |            | x                    |             |                 |       |
| 40        | "Die feit dat bruin mense in die hoogste kamer van die parlement ingebring is en swartmense nie, was onaanvaarbaar"   |                    |            | x                    |             |                 |       |
| 41        | "... hulle moet boikot, want hierdie onderwys beteken vir hulle niks nie en eindig in elk geval in 'n doodloopstraat" |                    |            | x                    |             |                 |       |
| 47        | "... die polisie het hom dan vlak voor sy deur opgelaa"                                                               |                    |            |                      |             |                 | x     |
| 47        | "... skielik het 'n <u>polisie-vangwa</u> by Selula, wat nou voor die huis was, stilgehou"                            |                    |            |                      |             | x               |       |
| 48        | "... Maar hulle het nie besef dat die <u>kiem van apartheid</u> baie ver gestrek het nie"                             |                    |            |                      |             | x               |       |
| 49        | "... dat <u>apartheid</u> so diep kon sny en selfs die polisie so kon aantast"                                        |                    |            | x                    |             |                 |       |

